ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

# Vrye Weekblad

30 Maart 1990 Tel: (011) 836-2151 Fax: (011) 838-5901 Prys: R1,50 (1,33 + 17c AVB)

Vrye Weekblad Boeke/Books binne

# Gee ons vrede!



Oomblikke nadat die polisie begin skiet het. Altesame 14 mense is in dié konflik in Sebokeng doodgeskiet.

Foto: Herbert Mabuza

**'n KRAGTIGE stem dat Suid-Afrika uit die draaikolk van geweld wat sedert verlede naweek meer as 40 lewens geëis het, geruk moet word, het gister uit alle gemeenskappe opgeklink.**

*Die politieke temperatuur in Suid-Afrika, wat sedert Staatspresident FW de Klerk se ingrypende aankondigings op 2 Februarie heelwat gestyg het, het sedert die begin van die maand toegeneem en die laaste week skielik kookpunt bereik.*

Meer as 250 mense is al sedert 1 Maart in politieke geweld dood en duisende beseer.

Die ergste geweld kom voor in die Pietermaritzburg-gebied, waar 24 mense die laaste paar dae gesterf het.

Die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, en hoofman Mangosuthu Buthelezi van Kwazulu spreek Maandag saam 'n massavergadering buite Pietermaritzburg toe in die grootste poging nog om die Natalse bloedbad te keer.

Oproepe dat die geweldpleging gestaak word voordat dit Suid-Afrika verder uitmekaar skeur, het dié week gekom van Mandela, die ANC-leierskap in Lusaka, die UDF-leier Terror Lekota, aartsbiskop Desmond Tutu, Peter Mokaba van die South African Youth Congress, staatspresident De Klerk en die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok.

Een van die mees kommerwekkende voorkomste van geweld was die aanvalle van blanke regsgesindes op swartmense, wat veral in die Vrystaatse Goudveld voorgekom het.

Die polisie se optrede is wyd gekritiseer. In die Vaaldriehoek, sê swart gemeenskapsleiers, het die polisie oormatige geweld gebruik sonder om oproeriges genoegsame waarskuwing te gee. Soortgelyke aantygings is gemaak ná voorvalle in die Pretoriase middestad en Soshanguve.

Sielkundiges meen daar is ondraaglike spanning tussen die verhoogde verwagtinge en onveranderde omstandighede waarin die swart gemeenskap nou verkeer.

Daar word wyd gehoop dat die situasie ingrypend sal verander wanneer die ANC se uitgeweke leierskap eers teruggekeer het. Hul aankoms is gister verder uitgestel, maar daar word nou vir vroeg volgende week beplan.

Dié terugkeer is 'n voorspel tot die ontmoeting tussen die ANC en die regering op 11 April in Kaapstad.

Die ANC-span sal gelei word deur Mandela en sal die militêre hoof, Chris Hani, die sekretaris vir buitelandse sake, Thabo Mbeki, en die leier van die Kommunisteparty, Joe Slovo, insluit.

Die regering se span, onder die leiding van De Klerk, sluit ministers Gerrit Viljoen, Kobie Coetsee, Dawie de Villiers, Adriaan Vlok, Stoffel van der Merwe en adjunk-minister Roelf Meyer in.

Dit is insiggewend dat die minister van Verdediging, genl Magnus Malan, nie in die regeringspan ingesluit is nie.

## Hier is Lubowski se 'finansier'

**MAX DU PREEZ**

**Die geheimsinnige "intermediêre party" wat volgens die Weermag se getuienis voor die Harms-kommissie Weermaggeld aan die Swapo-aktivis Anton Lubowski oorbetaal het, is 'n Pretoriase prokureur met die naam Ernst Johan Victor Penzhorn (44).**


*Vrye Weekblad kan vandag bekendmaak dat dit Penzhorn se beslote korporasie, Global Capital Investments CC, was wat in Junie verlede jaar die veelbesproke betalings van R40 000 en R20 000 in Lubowski se Nedbank-rekenings in Kaapstad en Windhoek gemaak het wat nou dien as "bewys" dat Lubowski 'n Weermag-spioen was.*

Telefaksboodskappe van Global Capital Investments oor sakentransaksies is volgens inligting uit Windhoek ná Lubowski se dood tussen sy dokumente gekry.

Lubowski is op 12 September verlede jaar voor sy huis doodgeskiet. Daar is oorweldigende getuienis dat hy deur 'n lid van die Weermag se Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) vermoor is. Die man wat volgens BSB-lede die sneller getrek het, het egter land-uit gevlug.

Regter Louis Harms het gister

Vervolg op bladsy 2



# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

Ons werk om nou 'n verskil te maak.

# ‘Swart onderwys leer mense om goeie bediendes te wees’

**"Bantoe-onderwys het ons soos katte mak gemaak. Onderwysers staak omdat hulle vir jare reeds Bantoe-onderwys moes sluk en vir skoliere moes leer om dit ook te sluk. Swart onderwys het swartmense geleer om goeie bediendes te wees en om bevele te gehoorsaam," sê Squire Kumalo van die Mamelodi Civic Association en Mamelodi Teachers Union. PEARLIE JOUBERT bekyk die krisis in swart onderwys**

DIE krisis in swart onderwys het die afgelope paar weke vlamgevat met duisende onderwysers en skoliere wat skole boikot.

Die minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp, Stoffel van der Merwe, het Woensdag vir die eerste maal reageer op meer as 80 eise wat verskillende onderwysinstansies aan die regering gerig het.

Hy het in dié verklaring van 34 bladsye die regering se reaksie op verskillende eise van swart onderwysers uitgespel. Hy het daarop gewys dat onderwysers en skoliere eers moet teruggaan skool toe voordat 'n onderhandelingsproses kan begin.

Die ANC se vise-president, Nelson Mandela, het ook 'n beroep op onderwysers gedoen om terug te keer na die skole.

Die sekretaris van die National Education Crisis Commitee (NECC), Ihron Rensburg, het gister by die Universiteit van die Witwatersrand gesê onderwysers en kinders moet na hul skole terugkeer en die boikot ophef.

Hoewel die meeste swart skole deur stakings geraak is, het onderwysers in die Wes-Kaap sowel as in Mamelodi en Soshanguve ná boikotte besluit om terug te gaan skool toe.

Swart onderwysers het verlede week in die Wes-Kaap op 'n staking gegaan nadat hulle sedert Januarie nog geen salarisse ontvang het nie.

Twee amptenare van die Departement van Onderwys en Opleiding (DET) is spesiaal van Pretoria na Kaapstad gevlieg en het self tjeks uitgeskryf vir dié onderwysers wat nog nie betaal is nie.

Benjamin Ntuli van die Soshanguve Teachers Union sê ongeveer 2 000 onderwysers van die 40 skole in Soshanguve het 'n boikot van twee weke uitgeroep weens 'n skoolfonds wat die kinders moes betaal.

"Die mense kan dit nie bekostig nie en van die skole wou nie die kinders toelaat voordat die skoolfonds nie betaal is nie.

"Na 'n week se boikot-aksie het die onderwysers op 'n vergadering saam met die gemeenskap besluit om die boikot op te hef weens toenemende geweld. Kinders het tydens die boikot steeds skool toe gegaan en gevegte het tussen groepe kinders uitgebreek."

Een kind is dood in dié geweld.

Die Mamelodi Teachers Union se Kumalo het gesê daar is min swart onderwysers wat weet presies hoe groot hul salaris elke maand gaan wees. "Baie min van ons het aanstellingsbriewe met 'n volledige werksomskrywing."

Die krisis in swart onderwys lê volgens hom ook in die jare lange toepassing van Bantoe-onderwys. "Bantoe-onderwys val nou plat. Skoliere en studente en onderwysers is moeg gesukkel in klein klaskamers, sonder biblioteke en sportterreine.

"Party onderwysers word net R600 per maand betaal en ons is al ses maande laat betaal," sê hy.

Die verskil tussen die betaling aan mans en vrouens, wat tot R400 is, was een van die redes vir die landswye stakings.

Van der Merwe sê in sy reaksie op die swart onderwysers se eise die regering probeer reeds sedert 1981 'n beleid te formuleer waarvolgens mans en vrouens dieselfde salaris betaal word. Van der Merwe sê daar is geen verskil in salarisse tussen swart en wit onderwysers nie.

Onderwysers glo dat die krisis in die swart onderwys ook aangevuur is deur die verskillende onderwysdepartemente.

Onderwysers en skoliere in swart skole eis een nie-rassige onderwysdepartement. Daar is tans 19 verskillende onderwysdepartemente: Vyf wit Onderwysdepartemente; een departement vir Kleurlinge en Indiërs en elf vir swart mense: een nasionaal wat deur die DET beheer word, ses in die nie-onafhanklike tuislande en vier in die onafhanklike tuislande.

"Kinders is kwaad omdat hulle skoolfonds moet betaal, skoolhoofde wat deur die DET aangestel is, kruip weg omdat hulle bang is vir die kinders. Dit is chaoties," sê Kumalo.

"Die skoolhoof van die Rethabile hoërskool in Mamelodi kruip in DET-kantore weg nadat skoliere finansiële verslae gekonfiskeer het en afgekom het op groot bedrae waarvan daar geen rekenskap gegee kon word. Kinders het ook gesien dat bedrae geld gedurende die skoolvakansie uit die skoolfonds getrek is," sê hy.

Tussen 5 Februarie en 23 Maart is ongeveer 90 eise deur verskillende verteenwoordigers van Onderwysersunies aan Van der Merwe voorgelê. Oor die eis vir 'n enkele, nie-rassige Onderwys departement, sê Van der Merwe dié eis sal volgens alle waarskynlikheid deel van die onderhandeling vir 'n nuwe grondwet in Suid-Afrika vorm. Hy sê die departement het hom tot 'n nie-diskriminerende beleid verbind.

Volgens Rensburg kan swart onderwysers nie meer die geweldige werklas hanteer nie. Die gemiddelde landswye onderwyser-skolier verhouding is 1-38 in swart skole en 1-16 in wit skole.

Hy sê ongeveer 40 persent van alle swart onderwysers is nie voldoende opgelei nie. "Dit is 'n bose kringloop. Onderwysers het nie tyd om hul kwalifikasies te verbeter nie weens die geweldige werklas op hul skouers."

Ntuli sê daar is in Soshanguve tot 70 kinders in een klas. "Onderwysers wil nie studieverlof neem nie omdat hulle nie vervang word by die skole nie. Dit beteken dat dié onderwysers wat agterbly, dubbel soveel meer werk het. "Uiteindelik lei die kinders daaronder."

Kumalo is 'n onderwyser by die Emthunzini laerskool In Mamelodi. In dié skool is ongeveer 800 kinders en 18 onderwysers, insluitende die skoolhoof en departementshoofde.

Wat verder aanleiding tot die groeiende krisis in swart onderwys gegee het, is die DET se volmag oor die skorsing van skoliere en die inroep van die polisie indien skoliere staak of aan ander "oproerige aksies" deelneem. Dié volmag het hulle in 1988 van die regering verkry.

Verlede jaar kon meer as 3 000 skoliere in Soweto nie terugkeer skool toe nie weens dié DET-regulasies. Die Orlando-Wes Hoërskool in Soweto was vir vyf jaar sonder elektrisiteit. Laboratoriums kon nie gebruik word of enige projektors nie. Tans is onderwysers en skoliere in Soweto steeds besig met 'n boikot.

Rensburg het daarop gewys dat Suid-Afrika nou in die moeilikste fase van die bevrydingstryd is. "Die breë demokratiese beweging en NECC het nog nooit 'n posisie ten gunste van 'n skoolboikot ingeneem nie," sê hy.

Kumalo en Ntuli het beide die voorwaardelike oopstelling van skole verwelkom, maar sê die diskriminering by die toelating van sekere skoliere moet nie deur die staat toegepas word nie. "Die agterstand van swart skoliere was nie hul eie keuse nie - mense moet dit onthou en nie voordeel trek uit hul onkunde nie. Die demokratiese keuse wat ouers en onderwysers nou sal hê oor die oopstelling van skole, moet geskied in die lig van die geskiedenis van die land en hoe ons die toekoms wil sien," sê Ntuli.




**MEDIATION & CONFLICT MANAGEMENT WORKSHOPS FOR JOURNALISTS**

**A Cross Times and Centre for Intergroup Studies (UCT) Initiative**

**INTERNSHIPS**

Four full-time internships for professional - and student - journalists (April - December 1990)

**WORKSHOPS**

Three 4-day workshops on:
* Conflict Handling (29 - 31 March)
* Mediation Skills (19 - 21 April)
* Group Community Dynamics (26 - 28 July)

**MEDIA CONFERENCE**

International Media Conference and Photo Exhibition on:
* The Media and Conflict in a Post-Apartheid Society (Cape Town and London Nov 1990)


*(Conference speakers will be from publications and organizations in Israel, Nicaragua, Northern Ireland, Philippines and South Africa)*

For more information call Melissa Baumann at Cross Times
Tel (021) 7971498
Fax (021) 7971559
42b Goldbourne Rd, Kenilworth, Cape

## Rasse-diskriminasie die grootste rede

# *Rockman se vakbond wen veld*

**ELSABÉ WESSELS**




**Lede van Popcru betoog by Pollsmoor-gevangenis**

*(Foto: Eric Miller - Afrapix)*

"SENZENINA
What have we done
The only sin is the colour of our skin..."

So lui die klaaglied van honderde lede van die gevangenisdiens wat tans weens rasse-diskriminasie in die gevangenisdiens staak.

Honderde lede van die rebel-polisieman, Gregory Rockman, se vakbond vir polisiemanne en lede van die gevangenisdiens, Popcru, is die laaste twee weke in die pad gesteek weens dié vakbond se staking.

Die owerhede het gister ook skerper aksie begin neem deurdat stakers by Pollsmoor- en Diepkloof-gevangenis uit hul woonkwartiere gesit is. Dit kan honderde gesinne dakloos laat.

Volgens Popcru neem die staking reeds krisisafmetings by sommige gevangenisse aan. By Pollsmoor in Kaapstad, waar meer as 90 bewaarders aan die staking deelneem, word gevangenes tot hul selle beperk omdat daar nie genoeg bewaarders is om diens te doen nie, het Popcru-woordvoerder, adj-off John Jansen dié week gesê.

Volgens Jansen moes die gevangenis-owerhede op Balfour gevangenes na 'n ander tronk oorplaas omdat so te sê al die bewaarders daar staak.

Rasse-diskriminasie op alle vlakke binne die gevangeniswese is die belangrikste rede vir die ingrypende stap deur Popcru-lede, sê Jansen.

Jansen stel Popcru se eise soos volg: Die opheffing van vervolging van lede van Popcru, die herindiensneming van die sowat 800 Popcru-lede wat in die pad gesteek is en die erkenning van Popcru as 'n wettige vakbond.

Volgens Jansen is Popcru se lidmaatskap steeds besig om toe te neem. Die staking van bewaarders het reeds na sowat 15 tronke landwyd uitgebrei.

"Ons is nie kriminele nie. Ons soek beter omstandighede," is Jansen se betoog.

Teen gister was die lot van honderde Popcru-lede, wat uit hul woonkwartiere gesit is, steeds onseker.

Die konflik tussen Popcru en die gevangenisowerhede het in November verlede jaar begin nadat bewaarders hulle by die afgedankte polisieman Rockman se Popcru-vakbond aangesluit het.

Volgens Jansen het Popcru-lede by Pollsmoor op 7, 13 en 15 November en op 7 en 21 Maart vanjaar vertoë tot hul bevelvoerder, brig Frans Booysen, gerig om hul griewe te bespreek. Dit is telkens geweier. 'n Aansoek om persoonlik vertoë tot genl Willem Willemse, Kommissaris van Gevangenisse, te rig, is ook geweier, sê Jansen.

"Ons het deur al die regte kanale te werk probeer gaan, sonder enige welslae. Op 21 Maart het ons besluit om te begin staak."

Verklarings van die gevangenisdiens het die laaste paar weke herhaaldelik gestel dat Popcru nie erken word nie, en dat die owerhede nie met dié vakbond sal onderhandel nie.

Die owerhede het op 11 November verlede jaar die eerste keer teen Popcru-lede opgetree nadat elf van hulle in solidariteit met Rockman aan 'n protesaksie deelgeneem het. Hoewel hulle in die hof verskyn het, is die aanklagte teen hulle nog nie geformuleer nie, sê Jansen.

Sowat twaalf plakkaat-betogers van Popcru is Woensdag op die Parade in Kaapstad deur die polisie in hegtenis geneem.

Rasse-dismikriminasie geld op elke vlak binne die gevangeniswese, beide vir bewaarders en gevangenes, sê Popcru-lede.

Veral huisvesting word gekritiseer. In Kaapstad is bruin bewaarders se woonkwartiere die ou tronk by Westlake. By Diepkloof in Johannesburg moet bewaarders in tronkselle bly. Daarteenoor bly wit bewaarders in netjiese, ruim woonkwartiere, sê Jansen.

Bruin en swart bewaarders geniet nie die sportgeriewe van hul wit eweknieë nie en die gevangeniswese se vakansieplekke is tot wit lede beperk.

"Die gevangeniswese se sportbeleid is nie in lyn met NP-beleid nie," sê Jansen.

Die lot van bruin en swart gevangenes word ook deur Popcru aangespreek.

Volgens hulle geniet wit gevangenis beter geriewe en kos.

Ondanks die dissiplinêre optrede van die gevangenisowerhede, sê Popcru-lede dat hulle dit nie oorweeg om die staking op te hef voordat hul griewe nie aangespreek is nie.

"Ons werk nou saam met progressiewe organisasies. Ons wil aan die wêreld bewys dat lede van die polisiemag en die gevangenisdiens ook bereid is om standpunt vir geregtigheid in te neem," sê Jansen.

# Duikbootskandaal herleef in Wes-Duitsland

**MARK BEHR**

WES-DUITSLAND het die afgelope weke onder kritiek deurgeloop as gevolg van die voorsiening deur Wes-Duitse maatskappye van planne aan Suid-Afrika vir die konstruksie van Tipe 209-duikbote.

Hernieude vrae om die onopgeloste vraagstuk het ontstaan as gevolg van bewyse rakende 'n 1987-memorandum waarin die oppervlakkige en onduerdagte aard van die oorspronklike ondersoek oopgevlek word. Dié oorspronklike ondersoek is deur 'n Wes-Duitse finansiële instelling (OFD) in Kiel gedoen.

Die omstrede 1987-memorandum wys op die ontoereikendheid van die OFD-ondersoek en beveel aan dat dit na Kiel se staatsaanklaer verwys word.

Die gewese minister van finansies, Stoltenberg, onder wie se departement die OFD-ondersoek geresorteer het, word nou daarvan beskuldig dat hy die memorandum van Julie 1987 doelbewus geïgnoreer het.

Stoltenberg, wat ontken dat hy kennis gedra het van die memorandum, is sedertdien as minister van verdediging aangewys.

Onder Stoltenberg is die oorspronklike OFD-ondersoek in Januarie 1988 onverwags opgeskort. Die motivering was dat "van die 5 000 noodsaaklike onderdele van die Tipe 209-duikboot slegs 4 720 aan Suid-Afrika verkoop is".

Die maatskappye is selfs ná die bevinding nie eens met 'n minimum boete gestraf nie.

Die duikboot-vraagstuk het in Julie 1986 die eerste keer in die Duitse pers na vore getree toe berigte is dat twee Wes-Duitse maatskappye, Howaldswerke Deutsche Wereft (HDW), en Ingenieurkontor Lübeck (IKL), sonder magtiging planne vir die bou van vier Tipe 209-duikbote aan Suid-Afrika verkoop het. Suid-Afrika beskik tans slegs oor drie Daphné Tipe-duikbote.

Kragtens die wapen embargo van die Verenigde Nasies van 1977, is dit onder internasionale reg onwettig om die Suid-Afrikaanse regering van wapens of planne vir die konstruksie van wapens te voorsien. Kragtens Wes-Duitse wetgewing vereis die verkoop van duikboot-bloudrukke amptelike toestemming. Dié amptelike toestemming kon dus nie uit regeringsoorde gekom het nie vanweë die VVO se wapenverbod teen Suid-Afrika. Toenemend dui dit egter daarop dat kanselier Helmut Kohl en verskeie van sy ministers nie net bewus was van die transaksies nie, maar geen poging aangewend het om IKL en HDW se bedrywighede stop te sit nie.

Die "groen lig" is skynbaar aan die maatskappye gegee deur die hoof van die kanselierskap, prof Schreckenberg.

Terwyl genugte die ronde doen dat ietwat aangepaste Tipe 209-duikbote op die oomblik by Sandoc Austral se droëdokke in Durban in aanbou is, word die Wes-Duitse minister van verdediging daarvan beskuldig dat hy 'n kriminele oortreding in sy amp as minister van finansies begaan het.

Dié beskuldiging spruit uit sy nalating om die 1987-versoek, dat die ondersoek na die staatsaanklaer verwys word, op te volg.

In Desember 1986, na herhaalde versoeke deur die Groen Party, en later die Sosiaal Demokrate, is 'n parlementêre komitee geloods om getuienis aan te hoor. Na verwagting sal die persoon verantwoordelik vir die memorandum van Julie 1987 in April vanjaar gelas word om getuienis te lewer.

Daar word gehoop dat dié getuienis duideliker rigting aan die komitee sal gee.

Ursula Eid, Wes-Duitse parlementslid vir die Groen Party en die langsdienende lid van die parlementêre ondersoek, is in 1987 - vir 'n voorgenome besoek aan die Sandoc Austral-skeepsbouwerf in Durban - 'n visum tot Suid-Afrika geweier. Met verwysing na die duikboot-vraagstuk het sy dié week aan Vrye Weekblad gesê: "Die gebeure om die duikbootskandaal kan 'n gevaarlike presedent skep. As dit onmoontlik word om die voortgesette verkoop van wapens te verhoed, en om die skuldiges tot verantwoording te roep, sal IKL en HDW vry wees om in die toekoms selfs méér onwettig op te tree. Ander wapenhandelaars sal vry wees om hulle voorbeeld te volg."


## COSAW (TVL)

*"More refugees have died attempting to cross the fence of death separating South Africa and Mozambique than died crossing the Berlin Wall. That fence must go!"* - Nelson Mandela

**Die lot van die mense van Suider-Afrika is nou verstrengel deur 'n komplekse web van politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele interafhanklikheid. As 'n integrale deel van ons stryd teen apartheid, doen ons 'n beroep dat die destabiliserende optrede in Mosambiek beëindig word.**
**Ons hef ons stemme vir vrede in Mosambiek en dra 31 Maart 1990 aan die strydende mense van Mosambiek op. Op daardie dag bied Cosaw 'n Viva Mosambiek!-kulturele dag aan waar skrywers en kulturele werkers van hul gedigte, prosa en musiek sal aanbied. Daar is ook 'n rolprentvertoning wat die werke van kontemporêre Mosambiekse kunstenaars sal weerspieël.**

**VIVA MOSAMBIEK!**
**DATUM:** 31 Maart 1990
**TYD:** 14h00
**PLEK:** Twiga-sentrum
Vierde vloer
Sentraalstraat 68
Fordsburg

WITS
Senate House, Jorissen Street, Braamfontein

open lectures for scholars and members of the public

| | | |
|---|---|---|
| February 20 | A History of Medicine Through Art | Prof C Rosendorff |
| February 27 | The Death Penalty | Prof C J R Dugard |
| March 6 | Imaging the Earths Interior: The Science of Geophysics | Prof B Corner |
| March 13 | The Okavango Delta | Prof T S McCarthy |
| March 20 | Marine Biology: A Botanists View | Prof R N Pienaar |
| March 27 | The Games Parasites Play | Dr A Wadee |
| May 8 | To Read Or Not To Read | Dr J Sherman |
| June 5 | The Coal Processing Road Show | Prof D Horsfall |
| June 12 | Chemistry Through Observation | Dr K Naik |
| June 19 | Law As An Instrument For Change | Prof M Brassey |
| June 26 | The Geological History of Johannesburg: 3500 Million Years of Earth History | Prof T S McCarthy |

VENUE: SH 6 TIME: 19:30
Booking at Computicket from 10 February—no charge
Enquiries—Schools Liaison Office 716 3597 or Information Desk 716 3162

·TEMBISA·ENCOUNTER·

5-8 April 1990

**Die Tembisa-ontmoeting is 'n georganiseerde vierdaagse verblyf in huise in Tembisa wat honderde Suid-Afrikaners, wat deur apartheid verdeel is, insluit. Dit is jou kans om veranderinge op 'n persoonlike vlak te probeer bewerkstellig.**

**Vir meer inligting, skakel Koinonia**
**(011) 924 1750**
**Toere, werkswinkels, kulturele bedrywighede, sosiale geleenthede en Christelike aanbidding.**

# Vroue in Namibia streef na eenheid

AMANDA GOUWS

OP Woensdag 21 Maart 1990 het die vroue van Namibia onder 'n pragtige vaandel met die silhoeët van 'n vrou daarop aan die Onafhanklikheidsoptog deelgeneem. Die slagspreuk op die vaandel was: "Discrimination against women is unconstitutional". Die slagspreuk verwys na artikel 10 van die Namibia-grondwet:

(1) All persons shall be equal before the law.

(2) No persons may be discriminated against on the grounds of sex, race, colour, ethnic origin, religion, creed or social or economic status.

Geen diskriminasie op grond van geslag is in die grondwet van Namibia ingeskryf.

In dié opsig is die grondwet van Namibia baie meer progressief as dié van die VSA, waar vroue al baie jare poog om só 'n klousule by die grondwet te voeg. Ek het met Wiebke Volkmann van een van die vrouegroepe in Namibia, 'n kollektief genaamd Sister, gesels oor die stand van vrouebewegings in dié land.

Op 9 Maart 1990 is daar 'n internasionale vrouedag in Namibia gehou. Aangesien 40 persent van die Untagpersoneel vroue is, was ander lande goed verteenwoordig. Die vroue is deur dr Libertine Amathila, nou die minister van plaaslike regering en behuising, toegespreek.

Volgens Wiebke het vroue tydens die verkiesing aktief begin raak rondom vraagstukke wat hulle in besonder raak. Al die politieke partye het vroue-groepe wat deel van die betrokke partye vorm - die Swapo Women's Council, die DTA-vrouegroep en die vroue van die Namibian National Front (NNF).

Hoewel dié vroue vraagstukke op die agenda geplaas het, was dit steeds ondergeskik aan party-beleid. Dit is juis dié lojaliteit aan party-beleid wat nou in die weg van die vorming van 'n geïntegreerde vroue-beweging in Namibia staan. Vroue dink steeds in terme van hul party-affiliasies en wantrou vroue van ander partye.

'n Gevoel bestaan egter dat vroue behoort saam te werk en dit is bewys deur die samewerking wat tydens bespreking van die grondwet getoon is. Vergaderings is deur die vroue van die Council of Churches of Namibia (CNN) en die NNF byeengeroep en die gevolg was dat diskriminasie teen vroue, wat in die konsep-grondwet teenwoordig was, verwyder is.

Uit dié samewerkings het 'n behoefte aan 'n nasionale vroue-beweging ontstaan. 'n Oproep vir so 'n vereniging is deur Napdi (Namibian People's Development Institute) in Desember 1989 gedoen. Tydens 'n vergadering van die meeste vrouebewegings in Namibia is besluit dat al die bewegings as 'n sambreelliggaam sal saamwerk. Dié liggaam sal geïnstitusionaliseer word, terwyl elke bewegings sy outonomie behou. Daar is ook besluit dat 'n Vroue-handves opgestel sal word. Die besluit is egter tot later uitgestel omdat daar gemeen is dat so 'n handves die plattelandse vroue uitsluit.

Volgens Wiebke is die probleme wat voorsien word in die party-politieke affiliasies van vroue en onderbeklemtoning van "grassroots"-werk geleë. Volgens haar is die vroue van die NNF die één groep wat vrouevraagstukke aanspreek en wat hul vir deelnemende demokrasie beywer.

Die vraagstukke wat aandag geniet, is seksisme in onderwys, die aktiewe deelname van vroue in sake wat hul raak, kraamverlof en pensioenskemas.

Die kollektief waaraan Wiebke behoort, beywer hulle om op 'n "grassroot"-vlak betrokke te wees. Hulle gee 'n blaadjie, "Sister", uit om dié doel te bereik. Een van die uitgawes het byvoorbeeld gepoog om voorbehoedmiddels aan vroue bekend te stel. Ander vraagstukke wat aangespreek word, is toepaslike tegnologie, onderwys en geletterdheid. Die grootste probleem is egter dat baie vroue nie deur die publikasie bereik kan word omdat hie hulle nie kan lees nie.

Volgens Wiebke verstaan vroue nog nie dat hul probleme slegs deur die politieke proses opgelos kan word nie. Baie vroue glo nog dat die kerk die beste besluite oor hul lewens kan neem. Dit is die gevolg van verskillende kerke se jarelange betrokkenheid op die platteland.

Namibia is onafhanklik. Vroue het 'n groot toekoms voor hulle. Hoe die integrasie van die verskillende vroue-bewegings en die bereiking van vroue in die landelike gebiede hanteer gaan word, sal met belangstelling deur vroue-bewegings in ander lande dopgehou word.

*(Amanda Gouws is verbonde aan die Departement Politieke Wetenskappe by die Universiteit van Stellenbosch)*

# RAU gereed vir progressiewe organisasie

PEARLIE JOUBERT

EERS in die nuwe politieke klimaat van die land, lyk dit asof die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) ruimte laat vir 'n progressiewe studenteorganisasie.

Studente Forum vir Demokrasie (SFD) is dié nuwe organisasie en die voorsitter, Desmond Thompson, is baie positief oor die politieke houding wat uiteindelik sal deurbreek.

Thompson, gebore op Potchefstroom, is 'n tweedejaarstudent in die politieke wetenskappe. Voordat hy sy diensplig gedoen het, het hy vir ses maande in die Oos-Driefonteingoudmyn gewerk.

"Ek was eers deel van die Staatspresidentswag en is later na die Kasteel in Kaapstad oorgeplaas. Dit was wonderlik om by die Kasteel aan te kom. Dit was die hoofkwartier van al die intellektuele softies wat nie kan veg nie."

Sy politieke oortuigings is 'n uitvloeisel van die twee jaar in die weermag. "Die weermag se inmenging in die politiek, hul propaganda-pogings, die onderduimse en agterbakse manier hoe dié propaganda gemaak is, het my heeltemal afgesit.

"My vriende en ek het altyd gewonder hoe ver mens jou oortuigings moet voer. Gaan sit jy in die tronk of bly jy maar stil. Ons het die middeweg gekies - om nie niks te doen nie, maar ook nie voluit te gaan nie.

"Ek en drie vriende het toe besluit om dié dinge waarmee ons in aanraking gekom het, die politieke betrokkenheid van die weermag, die smeerveldtogte, bekend te maak omdat dit immoreel en onwettig was."


Een van die vier vriende was egter 'n weermaginformant en Desmond en sy twee vriende is inhegtenis geneem en deur 'n Krygsraad aangekla.

"Daarna was ons vir 21 dae in eensame opsluiting in die Detensie Barakke (DB) in Wynberg. Ons was oor Kersfees en Nuwejaar in die DB. Dit was baie erg vir ons ouers.

"Ons is aangekla dat ons gepoog het om geklassifiseerde inligting sonder toestemming bekend te maak. Alternatiewelik is ons ook aangekla weens sameswering."

Hulle is tot 18 maande tronkstraf gevonnis, maar het geappelleer en die Hooggeregshof het die Krygsraad se bevinding omvergewerp.

Op RAU was daar reeds 'n progressiewe organisasie, Afrikane antiapartheid (AAA). Einde verlede jaar het AAA egter ontbind weens interne probleme. "Studente het baie gepraat oor spioene in die organsisasie. Een ou het een aand toe hy dronk was, vertel dat hy 'n spioen is.



Desmond Thompson

"AAA se benadering was te moeilikheidsoekerig en baie van die lede was baie onbuigsaam. Op 'n redelik konserwatiewe Afrikaanse kampus is dit net nie die regte benadering nie.

Volgens Desmond het 'n groep RAU-studente gemeen daar bestaan 'n politieke vakuum op kampus.

"Tans is daar ongeveer 100 ingeskrewe lede en studente is baie positief oor die moontlikhede van SFD.

"Ons sien demokrasie as 'n stelsel waarin alle mense gelyk is en wat regverdig is. Ons wil nie vir studente sê waar om kruisies te trek nie, maar wil eerder vir hulle wys wat gelykheid is.

"Ons weet almal wie verantwoordelik is vir die probleme in die land - in plaas daarvan om dit te oorbeklemtoon, wil SFD eerder 'n aanvaarbare alternatief bied.

"Die gemiddelde Afrikaner-student is nog nie gereed om by die UDF en ANC aan te sluit nie, omdat dit negatiewe konnotasies vir hulle het. Daarom is daar, volgens ons, nog 'n rol vir dié soort organisasie op RAU en in die wit Afrikaner-gemeenskap," sê Desmond.

## Mandela en Buthelezi gaan praat

# 'Die laaste kans op vrede in Natal'

**BRYAN PEARSON**

PIETERMARITZBURG - 'n Ontmoeting tussen die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, en die leier van Inkatha, Mangosuthu Buthelezi, is die laaste kans op vrede in Natal, volgens waarnemers.

"As dit misluk, lyk dinge vorentoe baie, baie donker," sê John Aitchison, hoof van die Universiteit van Natal se opvoedingsentrum vir volwassenes.

Aitchison monitor die geweld in Natal sedert dit in 1986 begin het.

Die samesprekings, wat binne die volgende paar dae kan plaasvind, is "uiters belangrik", sê Dirk Kotze, 'n politieke ontleder van Unisa. "As hulle nie resultate kan lewer nie, weet ek nie wie sal nie."

'n Segspersoon van Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) glo dat "vrede van dié samesprekings afhang".

Verskeie pogings om vrede tussen Buthelezi se Inkatha-beweging en die UDF te bewerkstellig het misluk omdat die Zoeloeleier daarop aandring om met die ANC eerder as die UDF te onderhandel.

'n Poging verlede jaar om Buthelezi en die ANC se buitelandse leierskap bymekaar te bring het ook misluk - daar kon nie oor 'n vergaderplek ooreengekom word nie.

Maar ná die wettiging van die ANC en die vrylating van Nelson Mandela het dit vir die dié twee organisasies moontlik geword om mekaar binne Suid-Afrika te ontmoet.

Mandela het die eerste oproep tot vrede gedoen. Op 25 Februarie het hy by 'n massa-byeenkoms in Durban gevra dat die strydende partye hulle "wapens in die see moet gooi".

"In daardie oproep het Mandela homself bewys. Dit was 'n baie goedgunstige gebaar," het Aitchison aan AFP gesê.

"Nou is hy bereid om teen een van sy eie beginsels te handel, en die leier van 'n tuisland-struktuur te ontmoet - en in daardie leier se eie agterplaas.

"As daar nie 'n verbintenis van Inkatha se kant kom nie, is daar weinig wat die ANC kan doen," sê Aitchison.

Volgens die menseregte-prokureur Kevin Brown "hou prokureurs en alle menseregte-aktiviste in die gebied hulle duime vas dat Buthelezi positief gaan reageer. Die tyd is baie min."

Die ANC het dié week aangekondig dat die vergadering by hoofman Buthelezi se familie-opstal op Mhlabatini, naby Ulundi gaan plaasvind.

Terwyl hy in die gebied is, gaan Mandela ook samesprekings met koning Goodwill Zwelithini by Nongoma, noord van Mhlabatini voer.

Meer as 2 800 mense het reeds in die konflik in Natal gesterf.

Volgens die polisie is minstens 14 mense in die jongste voorvalle van geweld dood.

Aitchison sê egter dat hy 'n "bietjie skepties" is dat die ontmoeting tussen Mandela en Buthelezi baie sal bereik.

"Inkatha is besig om steun te verloor. Op nasionale vlak wil die Suid-Afrikaanse regering 'n ooreenkoms met Mandela aangaan, nie met Buthelezi nie.

"Die enigste manier waarop Buthelezi die druk kan volhou, is om die geweld aan die gang te hou. Maar 'n mens hoop maar. Die mense is moeg vir oorlog en wil hê dit moet ophou," sê Aitchison.

Hy sê ook die rede waarom soveel UDF-volgelinge nie aan Mandela se oproep gehoor gegee het nie, is omdat hulle bang is dat hulle doodgemaak sal word.

"Die comrades sê, ja, ons staan vrede voor, maar ons gaan nie ons wapens weggooi terwyl ons doodgemaak word nie."

Aitchison sê die rol van die veiligheidsmagte in die gebied het ook kommer gewek.

Gedurende die vier jaar lange konflik is die polisie daarvan beskuldig dat hulle Inkatha-vigilantes se kant kies. - AFP

# Nou is daar óórlog in Natal

**SAMANTHA WEINBERG**

PIETERMARITZBURG - Die geweld wat onder die oppervlak in die townships borrel, het Dinsdag in oorlog ontaard. Groot groepe Inkatha- en UDF-ondersteuners het amok gesaai in die Edendale-vallei buite Pietermaritzburg.

Gewapen met outomatiese wapens, swaar kalibergewere en haelgewere, asook met die meer tradisionele sambokke en pangas, het hulle deur die vallei gestorm. Blou rook uit die honderde brandende huise het die lug gevul. Gistermiddag was die amptelike dodesyfer 24 met 'n verdere 54 ernstig gewondes in die plaaslike hospitale.

Sondag het die moeilikheid begin toe busse vol Inkatha-ondersteuners, wat na 'n gebedsvergadering van hoofman Mangosuthu Buthelezi in Durban op pad was, in die oorwegend UDF-gebied, Moscow, gestop en begin toyi-toyi. In reaksie op dié gekoggel van die comrades het die Inkatha-span in hul bus teruggeklim en gedreig dat hulle sou terugkeer.

Met die terugreis het die comrades klippe en voorwerpe gereed gehad wat hulle na die busse gegooi het. Vergeldingsdade het Maandag voortgegaan met pogings om die Inkatha-gesinde hoofman Shayabantu Zondi se huis af te brand, 'n aanval op die huis van die Kwazulu-stedelike verteenwoordiger, en nog verdere klipgooiery na busse.


Dinsdagoggend was dit openlike oorlog. Inkatha het oorlog verklaar. Vervoerroetes na Pietermaritzburg is afgesny toe Kwazulu Transport (KZT) hul dienste na die Edendale-vallei onbepaald opgeskort het en sommige mense wat probeer het om by die stad uit te kom, deur gewapende jeugdiges voorgekeer is. Paaie is deur brandende versperrings afgesluit. 'n KZT-woordvoerder sê dat baie van hul busse "deur groepe krygers wat vervoer nodig het, gekaap is".

Eenhede van die onluspolisie in gepantserde troepedraers het inbeweeg en die skares gekonfronteer. Sodra die polisie daarin geslaag het om een skare uitmekaar te jaag, het nog een in 'n ander gebied gevorm. Verslaggewers, vergesel deur die DP-streeksdirekteur, Radley Keys, het Woensdag oor die geteisterde dele gevlieg en het "minstens 12 000 mense" gesien wat in groepe saamdrom of veg. Hulle het 25 polisievoertuie gesien, maar geen teken van 'n militêre teenwoordigheid nie. Ander berigte vertel van "bakkievragte vol liggame" wat nie naby hospitale kon kom nie.



Mangosuthu Buthelezi

*(Foto: Steve-Hilton Barber - Afrapix)*



Polisie-woordvoerder maj Pieter Kitchen sê dat die situasie "onder beheer is" en dat 'n ongespesifiseerde aantal versterkings van Durban af haastig ingevoer word.

Uit die townships kom talle bewerings dat die polisie Inkatha se kant kies. Donderdagoggend het 500 vroue - gelei deur elf wit vroue, baie van hulle Black Sash-lede - in Edendale aan 'n optog deelgeneem om te protesteer teen polisie-partydigheid en geweld. Hulle het daarop aangedring dat die onluspolisie en kitskonstabels uit die townships onttrek en deur die weermag vervang word.

Die elf wit vroue en een manlike fotograaf is in hegtenis geneem omdat hulle "'n verkeersbelemmering" veroorsaak het nadat die polisie gedreig het om haelgewere en traangas te gebruik om die protesteerders uiteen te jaag. Die vroue is na die Plessislaer-polisiekantoor geneem en is later vrygelaat en verbied om weer die gebied binne te gaan.

Na raming moes 5 000 mense uit hul huise vlug om in aanliggende gebiede skuiling te soek.

'n Verdere agt mense is gister in die Myandu-gebied in die vallei gedood. Altesame 25 huise is in die aanval afgebrand. Die toestand is steeds baie gespanne.

Die middestad van Pietermaritzburg het - meer as ooit - sy bynaam "Sleepy Hollow" gestand gedoen. Die hoofstraat was feitlik leeg omdat talle werkers probleme gehad het om by die werk uit te kom, en beide swart en wit kopers tuisgebly het - uit nood of vrees.

Niemand sal waarskynlik ooit weet wat die dodesyfer in die jongste vlaag van geweldpleging is nie. Selfs al eindig dit vandag - en die kanse lyk uiters skraal - sal die trauma wat dit veroorsaak het moeilik wees om te heel. Hoe langer die verskille tussen die faksies voortduur en dit in oorlog en dood manifesteer, hoe moeiliker sal dit wees om die soort van versoening wat nodig is vir vrede in die verskeurde en verbitterde streek van Natal, te verkry.

* Volgens die polisie-verslag laat gistermiddag is nog agt mense in die Natalse geweld dood.

**Hoe heel 'n mens dié wonde?**

deur sy kerk geleer wo...
...arheid van iemand se bewering; aanvaarding va...
waar of as waarlik bestaande (d) 'n vaste vertroue in...
...rmoë van die of dit wat in die bepaling genoem word...
...ertroue. Iets op goeie geloof doen 3. gelowe. Bepaal...
vorming van iemand se godsdienstige oortuiging.
**geloofwaar'dig**, *b.nw.* wat geglo kan word, wat werd is om te glo, soos Vrye Weekblad: geloofwaardige man, verhaal, **geloofwaardigheid.**
...(d), *b.nw.* Met 'n lourierkrans bekroon: 'n ge...

**Wat kan ons nóg sê?**

**Behalwe: vul die vorm hieronder in en stuur 'n tjek of poswissel vir R75 (AVB ingesluit) en jy kry Vrye Weekblad 'n jaar lank by jou huis of kantoor afgelewer. Vir ses maande kos dit R40 (AVB ingesluit).**

**En dan is jou dae van dom, vervelige naweke iets van die verlede.**

**Naam:**..........................................

**Adres**..........................................

..........................................

**Ek wil Vrye Weekblad vir 12/6 maande afgelewer hê en sluit 'n tjek/poswissel vir R75/R40 in.**

**Vrye Weekblad**

**ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA**

*Is die lewe dan só goedkoop?*

# Sebokeng bloei wéér

**Die bloed het weer dié week in die Vaaldriehoek se townships gevloei. PEARLIE JOUBERT was daar**

"ONS het omgedraai en terug na die mense geloop nadat ons die memorandum aan die stasiebevelvoerder van die polisie, kol Mazibuko oorhandig het. Toe skiet die polisie - ons weet nie hoekom nie. Ek en ander organiseerders en leiers het met ons rug na die polisie gestaan..."

Só het Bavumile Vilakazi, uitvoerende komiteelid van die Vaal Civic Association, Maandagaand in sy huis op Sebokeng vertel.

Amptelike statistieke sê nege mense is dood en meer as 447 mense is in die hospitaal behandel. Volgens inwoners van Sebokeng moes meer as 2 000 mense behandeling ontvang en is 14 mense reeds dood.

Die optog van ongeveer 10 000 mense, gereël deur die breë demokratiese beweging, was Maandagoggend op pad na die NP-kantore op Vereeniging. Die polisie en landdros het toestemming vir dié optog geweier.

Naby die Houtkop-gebied het die polisie die optog voorgekeer. Die memorandum, met eise vir goedkoper huurgeld, die vrylating van politieke gevangenes en laer elektrisiteits- en watergelde, is aan Mazibuko oorhandig.

"Sonder waarskuwing, sonder enige uitlokking, het die polisie geskiet. Daar was geen onderhandeling met die mense nie. Ek het geen megafone gesien nie. Is die lewe dan só goedkoop? Lombard Mbatha het my grond toe geruk. Ek het vorentoe geval. Regs van my het 'n vrou geval - sy het nie beweeg nie. Voor my het 'n man gelê met 'n gat agter in sy kop. Hy het geen teken van lewe getoon nie. Die organiseerders en leiers wat met die mense gepraat het, is in die rug geskiet."

Maandagaand, met die traanrook nog dik in die lug, het Mbatha, veldwerker van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, Vilakazi en Ronjo Hailela, ook van die Vaal Civic Association in 'n huis in Sebokeng vertel van die dag se bloedige gebeure wat sterk herinner het aan 1984/85 toe die noodtoestand afgekondig is.

Mbatha het moeilik geloop. Daar was nog 40 haelkorrels in sy bene en rug.

Toestemming vir die oorhandiging van die memorandum is volgens Vilakazi van die bevelvoerder van die polisiestasie in Everton en Sebokeng ontvang.

Vilakazi vertel hoe hulle die beseerde mense na die hospitaal aangery het. "Ons het die beseerdes in motors gelaai. Van die mense is in die hospitaalgronde geskiet.

Groepe mense het Maandag oral op die sypaadjies gestaan. 'n Polisiehelikopter het om een gebied gesirkel. Swart rook en traangas het tussen die huise deur gewaai.

Die munisipale polisie, tot die tande gewapen, het Vrye Weekblad se verslaggewers gestop en gesê hulle moet dadelik die gebied verlaat. "Die mense is mal, julle moet loop. Dit lyk baie sleg." Naby die munisipale polisiestasie het 'n kind tussen twee kitskonstabels geloop. Daar het bloed langs sy gesig afgeloop.

Die strate was bestrooi met klippe, glasstukke en brandende wiele. By een huis het 'n jong vrou oor die draad gefluister: "Gaan huis toe, julle moet weggaan." Die polisie se geel waens en wit mini-bussies het dwars in party strate gestaan. Vir oomblikke was dit stil, geen skote kon bo die helikopter se klank gehoor word nie. Skielik het groepe mense in alle rigtings ge-spat. Wolke traanrook het dit onmoontlik gemaak om te sien wat aangaan.

'n Garage van een van die lede van die dorpsraad is aan die brand gesteek. Vensters is stukkend gegooi. Jong kinders het vorentoe gestorm en blikke olie gegryp wat oor die pad gerol het. Dié gebeure was omtrent 'n regstreekse herhaling van September 1984. 'n Groot groep mense is in September 1984 deur die polisie in die Houtkop-gebied gestop. Vier mense is doodgeskiet, baie in hegtenis geneem.

Volgens Vilakazi was die eise wat toe aan die dorpsraad oorhandig is omtrent dieselfde as wat Maandag oorhandig is.

"Dit lyk nie of daar enige gehoor gegee word aan die eise nie. Hoe kan die regering oor onderhandelinge in topstrukture praat wanneer basiese eise geïgnoreer word."

Vilakazi sê die Vaal Civic Association, UDF en ander gemeenskapsorganisasies was tot nou nog in beheer van die mense. "Ek dink ons is besig om beheer te verloor. Dit lyk ook vir ons of die regering nie meer beheer oor die polisie het nie. Ons het oor-en-oor reeds gesê ons wil probleme op 'n vreedsame manier oplos. Dié soort optrede maak dit egter bykans onmoontlik. Ons weet nie hoe lank ons nog vir die mense kan vra om hulself in toom te hou nie."

Die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, het Woensdag gewondes in die hospitaal besoek en deur die strate van Sebokeng gery.

Die UDF het in 'n verklaring gesê polisie-optrede teen vreedsame optogte "maak die regering se praatjies oor onderhandeling belaglik".

Die polisie het na die gebeure gesê hulle moes "uit selfverdediging op die mense skiet".



Nelson Mandela besoek Sebokeng-gewondes in die hospitaal

(Foto: AP)

# Ook in Pretoria vloei die bloed

PEARLIE JOUBERT

BEBLOEDE, betraande werkers het gister wanhopig vanaf Burgerspark in Pretoria gevlug nadat 'n Cosatu-optog teen privatisering deur die polisie met honde, knuppels en traanrook opgebreek is.

Die polisie-optrede is skerp deur ooggetuies gekritiseer. In een geval is werkers op die grond deur polisiemanne geslaan en geskop, in 'n ander is betogers hardhandig in 'n vangwa gegooi met 'n traangasbommetjie agterna, en in ander is polisiehonde vryelik toegelaat om mense te byt wat aan die weghardloop was.

'n Polisie-woordvoerder, kapt Ruben Bloomberg, het bevestig dat 39 vakbondlede aangehou is en later in die hof sal verskyn.

By Soshanguve buite die hoofstad het die polisie en weermag van Bophuthatswana mense met sambokke geslaan en met traanrook geskiet ná die byeenkoms en tydens 'n vergadering Maandagaand.

Volgens die voorsitter van die Soshanguve Civic Association, Benny Makena, het die polisie vroeg Woensdagoggend baniere gekonfiskeer en mense wat besig was om die stadion vir die byeenkoms voor te berei, geteister.

Na die byeenkoms wat deur meer as 20 000 mense bygewoon is, het die mense na hul huise teruggekeer.

Woensdagoggend was die enigste aanduidings van vroeëre geweld die klippe wat in die pad rondgelê en polisievoertuie wat die paaie gepatroleer het.

Die inwoners van Soshanguve het tydens die byeenkoms by wyse van 'n meerderheidsbesluit gemeen dit is nie nodig om 'n optog na die landdroskantoor te hou nie.

By die landdroskantoor sou gemeenskapsleiers 'n memorandum oorhandig om beswaar teen die inskakeling van Soshanguve by die Transvaalse Provinsiale Administrasie aan te teken.

Makena het aan die mense gesê die minister van Opvoeding en Ontwikkelingshulp, Stoffel van der Merwe, het Dinsdagaand laat weet dat hulle nie sal voortgaan met die oorskakeling nie.

Mense by die byeenkoms het gemeen dat 'n optog onnodige spanninge sal veroorsaak. "Dit is 'n klein oorwinning, maar die mense van Soshanguve voel bly hieroor," sê Makena.

Die Soshanguve-stadion waar die byeenkoms gehou is, lê net skuins oorkant 'n treinspoor wat die grens tussen Suid-Afrika en Bophuthatswana vorm.

Baie van die mense wat die byeenkoms bygewoon het, woon aan die "verkeerde kant" van die treinspoor en toe hulle na die byeenkoms na hul huise in Bophuthatswana wou terugkeer, het die Bophutatswana-polisie hul kort duskant die spoorlyn ingewag.

Traanrook en lewendige ammunisie is klaarblyklik gebruik om die mense terug na Suid-Afrika te jaag.

Maandagaand het lede van die Soshanguve Civic Association en ander gemeenskapsleiers 'n vergadering in die Rooms Katolieke Kerk in Sohanguve gehou.

Voor die vergadering verby was, het twee wit polisiemanne volgens ooggetuies die kerk binnegestorm en met traanrook op die mense geskiet. Ongeveer 50 mense is ook, volgens inwoners van Soshanguve, met sambokke geslaan.

Teen saktyd kon dié aantyging nie deur die polisie bevestig word nie.

Makena, ANC-spreker Abby Nkomo, en eerwaarde Smangaliso Mkhashwa van die Instituut vir Kontekstuele Teologie in Braamfontein het by die byeenkoms 'n beroep op mense gedoen om vreedsaam te wees en gedissiplineerd op te tree.

"Ons moet optree soos intelligente en gedissiplineerde mense. Die polisie het vanoggend verwoesting gesaai en hulle laat die mense van Soshanguve heeltemal magteloos," het Mkhaswa gesê.


## Islam aan die wêreld

786

In die naam van God
die Genadigste
die Barmhartigste

Het u geweet dat Islam die enigste geloof is wat aan wette van die natuur voldoen?
Het u geweet dat Islam se Heilige Boek (die Heilige Koran) die enigste bestaande godsdienstige boek ter wêreld is wat vir amper 15 eeue onveranderd gebly het?
Het u geweet dat die Heilige Koran die enigste godsdienstige boek is wat in sy geheel deur duisende Moslems wêreldwyd gememoriseer word?
Het u geweet dat Islam die enigste godsdiens is wat alle boodskappers wat deur God aan die mensdom gestuur is, aanvaar?
Het u geweet dat die Islamitiese Heilige Boek, Heilige Koran, die enigste boek is wat wetenskaplike bewyse vir die oorsprong van die heelal het?
Het u geweet dat Islam die enigste geloof is waar God self in die Heilige Koran sê: "Vandag vervolmaak ek julle geloof en maak ek my guns aan julle (o mensdom) volkome en kies ek Islam as julle geloof"?

Vir enige navrae oor bogenoemde stellings in verband met Islam, skryf aan:
Die Sekretaris
Islam to the World
Posbus 2
LOTUSRIVIER
7945
Vir u gratis brosjure "What is Islam?" rig versoeke aan bogenoemde adres.

# Russiese ystervuis in die handskoen?

EVERT VAN DIJK

WAT is die verskil tussen die Sowjet-Unie se benadering tot die demokratiseringsproses van die Balkanlande soos Hongarye, en die onbuigsame houding jeens die Baltiese state soos Litaue?

Wat is die toekoms van glasnost as die Sowjet-president, Mikhail Gorbatsjof, sy tenks uit Tsjeggo-Slowakye onttrek, maar Russiese troepedraers na Litaue stuur? Om antwoorde op dié vrae te kry, is dit allereers noodsaaklik om in die geskiedenis terug te gaan.

Die Balkanstate is onder die Russiese invloedsfeer ná die Tweede Wêreldoorlog tot stand gebring. Aan die ander kant is die drie Baltiese state Litaue, Estland en Letland reeds vóór die Russiese toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog by Rusland ingelyf. Dié inlywing is egter nooit deur baie lande, soos Amerika, erken nie.

Volkeregtelik erken Amerika die bestaan van een onafhanklike Litause staat, maar in die praktyk was Westerse lande huiwerig om die daad by die woord te voeg - selfs nou dat 'n demokraties verkose regering in Litaue die land weer eens "onafhanklik" verklaar het.

In geografiese terme is Litaue 'n klein landjie van 65 000 vierkante kilometer met ongeveer 3,5 miljoen inwoners waarvan die Russiese bevolking 'n etniese minderheid vorm. Nietemin het dié landjie vir Gorbatsjof voor een van die grootste uitdagings in sy politieke loopbaan te staan gebring. Hoewel die Russiese volkskongres in Moskou reeds die "onafhanklikheidsverklaring" van die Litause parlement met 'n groot meerderheid (1 463 teen 94 stemme) verwerp het, is die vraag nou of die Russiese president van sy nuwe uitgebreide magte gebruik gaan maak. Die volkskongres het die betrokke besluit geneem op grond van artikels 74 en 75 van die Sowjet-grondwet wat bepaal dat Sowjet-wette 'n hoër gesag as wette van die Russiese republieke het. Andersins wys die Litause president Vytautas Landsbergis daarop dat republieke die reg het om af te stig.

Ingevolge sy nuwe magte as opperbevelvoerder van die Russiese leër kan Gorbatsjof in die republieke se sake ingryp. Hy het dit die afgelope paar dae reeds gedoen. Russiese soldate het nie slegs die hoofkwartier van die Kommunistiese Party in Litaue beset nie, maar ook Litause drosters uit die Russiese leër hardhandig uit hul skuilplekke aangekeer.

Hoewel Russiese leiers sowel binne- as buitelands verklaar dat hulle selfbeheersing aan die dag lê en die Litause kwessie vreedsaam wil oplos, is die moontlikheid groot dat 'n verdere Russiese militêre ingryping binne die volgende paar dae gaan plaasvind.

Moskou is bekommerd oor byvoorbeeld die oprigting van 'n aparte Litause grenswag. Daarmee saam het die drama rondom die ongeveer 1 000 Litause "drosters" uit die Russiese leër die spanning verder verhoog. In Litaue het die opdrag vanuit Moskou dat Litauers hulle wapens - meestal jaggewere - aan die Russe moet oorhandig, die gemoedere opgejaag.

Die betoging deur 'n paar duisend Russiese burgers in die Litause hoofstad teen die onafhanklikheidsverklaring kan nou die verskoning vir Gorbatsjof bied om militêr in te gryp. Daarby kom nog die lou reaksies uit Washington en Londen op die beroep wat Landsbergis op Westerse regerings om steun gedoen het.

Gorbatsjof sal nietemin versigtig moet wees om nie sy nuutgevonde vriende binne- sowel as buitelands die harnas in te jaag as hy verdere hardhandige optrede in Litaue goedkeur nie. Dit is maar 'n jaar gelede dat Russiese soldate minstens twintig oproeriges in Tblisi (die hoofstad van die Georgië) doodgeslaan het. Dié voorval is nog vars in die geheue en het die gewildheid van Gorbatsjof in sy eie land baie skade berokken.

Aan die ander kant sal Gorbatsjof groter nasionalisme in die Russiese republieke stimuleer as hy aan die eise van Litaue toegee. Die Russe is ook bevrees dat as die staatsbedrywe in Litaue geprivatiseer word en Litaue 'n munt met doeane-reëlings instel, die druk op perestroika die Russiese staatsbestel in gevaar sal stel.

Kommunisme het sedert die dae van Karl Marx baie veranderings ondergaan om by nuwe situasies aan te pas. Dié ideologie staan in 1990 voor een van sy grootste toetse.

Die vraag is nou of die Russiese beer of duif gaan seëvier. Terwyl die laaste kolonie in Afrika (Namibia) verlede week onafhanklik geword het, bly die vraag wat in die nabye toekoms met die laatste Russiese "kolonie" gaan gebeur. - INS

# Litause polisie aan die kant van die mense

VILNIUS - Indien nodig sal die Litause polisie die mense van dié Baltiese republiek - wat hulself op 11 Maart onafhanklik verklaar het - teen die Rooi Leër beskerm, het 'n senior polisie-offisier dié week gesê.

"As die leër teen die mense optrek, ja, sal ons vir die mense veg," sê die onderhoof van die polisie in die sentrale Lenin-distrik van Vilnius, Algirdas Palacka. Die uittredende Litause minister van binnelandse sake, Marijonas Misiukonis, het die 13 000 lede van die polisie onder die regstreekse gesag van die Litause regering geplaas.

Misiukonis het gesweer om die Litause wette in die republiek te laat geld.

Palacka sê hy het 'n hele paar jaar in die Rooi Leër gedien, maar bygevoeg dat die polisiereëls daar is om "die belange van die mense te beskerm".

"Ons het by die polisie-kollege geleer om die wet te respekteer, en ons wet is die Litause wet."

Palacka, wat verkies om sy vrae in Litaus eerder as Russies te beantwoord, sê die mense se houding jeens die polisie het verbeter want "hulle het besef dat die polisie die enigste mag is wat hulle kan beskerm, veral in gevalle van wreedaardige aanvalle op individue".

'n Verslaggewer van Agence France-Presse het dié week gesien hoe 'n polisiepatrollie drie Sowjet-troepe om hul dokumente gevra en eindelik weggelei het.

Sowjet-valskermsoldate het ook dié week vier geboue van die Kommuniste Party beset in wat beskou word as die jongste voorvalle in die senu-oorlog tussen Moskou en die Vilnius-regering.

'n Litause radio-omroeper, Vitas Usas, sê: "Dit is waar dat ons houding jeens die polisie ingrypend verander het. Eerstens omdat die status van die mag verander het, en tweedens omdat ons dink hulle is die enigste mense wat ons kan beskerm."

Die uitsaaigebou is die afgelope paar dae reeds onder beskerming en daar word 24 uur lank uitgesaai. As die uisending gestaak word, sal die mense weet dat die uitsaaigebou oorgeneem is, sê Usas.

"Ons weet die polisie alleen gaan ons nie beskerm nie, die Rooi Leër is te sterk vir hulle - maar hulle sal in geïsoleerde gevalle tussenbeide tree, soos wanneer Litause burgers aangeval word," sê Usas.

Een Litause polisieman het probeer ingryp toe Sowjet-soldate drosters wat in 'n psigiatriese hospitaalsaal geskuil het, bymekaar gemaak het. Volgens 'n woordvoerder van die polisie, kapt Jonas Dervinis, is dié polisieman steeds in die hospitaal weens hoofbeserings.

"Dit is nie ons werk om met die troepe te veg nie," sê Dervinis. "Ons moet saamwerk om die mense in geval van voorvalle te beskerm. Dit is ook die leër se werk," sê hy.

"Maar die situasie het verander toe die leër in die republiek ingekom het," sê hy met verwysing na die versterkings vanuit Moskou wat verlede Sondag in Litaue aangekom het. - AFP

**Die generaal en die droster**



'n Generaal van die Rooi Leër in gesprek met 'n droster uit dié leër. Van die drosters het in die psigiatriese saal van 'n hospitaal geskuil.

(Foto: AP)

# Hongkong se jeug is rusteloos...

CLAUDIA MO

HONGKONG - 'n Onsekere Hongkong het 'n geslag van ontwortelde jongmense voortgebring, sê maatskaplike werkers en akademici.

"Ons jongmense leef in 'n samelewing sonder enige vertroue in die toekoms... en dit verskerp hulle gevoel van onsekerheid," sê 'n maatskaplike werker wat in 'n jeugsentrum werk.

'n Voortdurende eksodus van mense en 'n geskarrel na buitelandse paspoorte voor die 1997-sperdatum wanneer China dié Britse kolonie terugkry, het 'n baie negatiewe invloed op die mense, sê sy.

Sy sê kinders met die vooruitsigte om saam met hul ouers oorsee te gaan woon, voel of hulle in 'n oorgangstydperk leef, en dit het rusteloosheid tot gevolg.

Hulle situasie het ook verwyte onder hulle ouderdomsgroepe, wie se ouers nie die geld of die vaardighede het om te emigreer nie, tot gevolg.

Dit lei daartoe dat die kinders "net plesier wil hê", sê sy.

Die studente-dekaan van Lingnan-kollege, Wong Yiu-Chung, sê dit wil voorkom asof daar 'n sterk gevoel onder die jeug bestaan dat hulle "onbevoeg is om enigiets te doen".

"Gevolglik het hulle 'n sterk drang ontwikkel om geld te maak," sê hy.

Chan Wing-Tai, 'n Hongkongse sosioloog, sê: "Ons kan nie die kinders blameer nie. Ons omgewing, 1997 en so aan, kon nie daarin slaag om enige fondamente te lê nie.

'n Professor in sosiologie, Wong Siu-Lun, waarsku dat die ergste nog te wagte moet wees soos die eksodus toeneem. Die koloniale regering sê 1 000 mense verlaat Hongkong per week. - AFP

# *Maleisië lag nie vir Steve Martin se grap nie*

KUALA LAMPUR - 'n Grap deur die akteur Steve Martin by die Oscar-oorhandigingseremonie dié week, het die jong politici in eerste minister Mahathir Mohamad se Verenigde Maleise Nasionale Organisasie (Umno) hewig ontstel.

In 'n klaarblyklike verwysing na Maleisië se strawwe dwelmwette, het Martin gesê: "Ons sou daarvan gehou het om regstreeks in Maleisië uit te saai, maar die TV-span is op die lughawe gehang."

"Dit is 'n siek grap. Dis nie snaaks om mense te hang nie," sê Zahid Hamidi, die inligtingshoof van Umno se jeugvleuel.

Twee Australiërs en 'n Brit was tussen die 60 mense wat sedert 1975 weens dwelmmisdade in dié land gehang is.

Daar is 'n Amerikaner tussen die mense wat nog verhoorafwagtend is vir dwelmmisdade wat ook met die dood strafbaar is.

"Martin se uitspraak was ongevraagd en hy het ons land in 'n slegte lig gestel, veral omdat ons Besoek Maleisië-jaar vier," sê Zahid. - AFP

# 'Veelpartystelsels nie vir Afrika nie'

NAIROBI - Die president van Kenia, Daniel Arap Moi, het dié week gesê dat 'n veelpartystelsel "nie geskik vir Afrika" is nie, berig die amptelike Keniaanse nuusagentskap, KNA.

Moi, die hoof van 'n staat waarin die Kenyan African National Union (Kanu) die enigste wettige party is, sê veelpartystelsels sal net op "allliansies van stamgroeperings" neerkom.

"Om met 'n veelpartystelsel te begin, sal gewis chaotiese situasies tot gevolg hê wat onomkeerbaar sal wees," het hy gesê.

Hy het verder gesê dat hy dit ironies vind dat Westerse lande veelpartystelsels in Afrika steun nadat hulle "Afrika-state volgens etniese grense verdeel het".

Volgens Moi is daar geen ooreenkomste tussen Kenia en Oos-Europa nie, omdat Kenia nie 'n kommunistiese land is nie.

Gewese kabinetminister Kenneth Matiba het dié week aan joernaliste gesê dat die polisie hom aangehou en daarvan beskuldig het dat hy beplan om 'n politieke party op die been te bring. Hy ontken die beskuldiging. - AFP

*Vrye* Weekblad

## Ons soek vrede

Die nuwe vlaag geweld wat die land nou weer teister, is uiters kommerwekkend.

Meer as dertig mense is die laaste week dood in geweld wat aan politieke motiewe toegeskryf kan word.

Letterlik honderde mense is beseer of gewond.

Al dié mense het ouers of kinders of broers of susters of mans of vroue.

Die geweldpleging kan in drie kategorieë ingedeel word: geweld in die townships wat deur meestal oordadige polisie-optrede begroet is; blankes wat swartmense uit haat en vrees aanrand of doodmaak; en die gevegte in die Pietermaritzburg-gebied.

Al dié vorms van geweld is ewe ontstellend.

In baie opsigte laat die geweld 'n mens dink aan die gebeure van 1984 en daarna, toe honderde mense landwyd gesterf en miljoene rande se skade aangerig is.

Maar dit is nou 1990, en die hele politieke klimaat is veronderstel om gans anders te wees.

Miskien is dit juis die nuwe klimaat wat die katalisator was. Mense wat hoor dat daar 'n verskuiwing in die fondamente van die stelsel plaasgevind het, maar nog niks self sien verander het nie. Die regering praat van vryheid en meerderheidsregering en laat Nelson Mandela vry en wettig die ANC, maar vir die gewone mense gebeur daar niks wat hulle kan voel nie.

Dus 'n gevoel van geweldige hoë verwagtinge, wat gefrustreer word deurdat daar hoegenaamd nie aan voldoen word nie.

Dit is deels onvermydelik, maar die regering en die ANC dra ook skuld hieraan.

Daar is hopeloos te veel voete gesleep in die tyd sedert 2 Februarie. Nasionale leiers behoort te weet dat wat gebeur het, hoë verwagtinge sou skep. En, soos die geskiedenis ons leer, so 'n situasie in geweld oorgaan as die verwagtinge gefrustreer word.

Een voorbeeld van die gedraaiery is die terugkeer van die ANC-bannelinge en die gesprek wat tussen 'n ANC-afvaardiging en die regering gaan geskied.

'n Senior-man van die ANC was hier om ondersoek te kom instel na die wetlike en veiligheidsituasie, en hy is terug Lusaka toe om sy kollegas aan te raai om hul besoek te vertraag. Die regering het nog nie die kwessie van amnestie vir die ANC-leierskap opgeklaar nie, ten spyte van 'n verklaring deur Staatspresident FW de Klerk 'n tyd gelede dat dit voorrang geniet.

Maar by die ANC self bespeur ons ook nie 'n oorweldigende geesdrif om gou terug te keer nie.

'n Ander faktor wat ons bang maak, is die optrede van die polisie, wat volgens baie getuies veral vir die hoë sterftesyfer verantwoordelik is. In Sebokeng, byvoorbeeld, is daar op skares gevuur sonder dat behoorlike waarskuwings gerig en tyd gegun is om uitmekaar te gaan.

Daar kan nooit 'n verskoning wees vir polisie wat oproeriges in die rug skiet nie. Mense hardloop nie agteruit as hulle aanval nie.

Die beheer - of gebrek aan beheer - van die polisiemag deur die regering is iets wat enige regdenkende Suid-Afrikaner koue rillings gee.

Die wit-op-swart-geweld in Welkom is waarskynlik die mees ontstellende. Scenario's van regse witmense wat swartmense sonder meer aanval, tower al jare lank beelde van Libanon op. En nou skielik lyk dit asof dit werklikheid kan word.

Ons glo die eerste mense wie se verantwoordelikheid dit is, is die regse leiers soos Andries Treurnicht van die Konserwatiewe Party en Carel Boshoff van die Afrikaner Volkswag.

Dié leiers staan voor in die koor wanneer daar oor Christenskap gepraat word. Maar dit is húlle regse haatpropaganda wat mense soos die barbare in Welkom gedryf het tot koelbloedige moord.

Miskien is die eerste mense wat moet gaan wal gooi in Welkom, die leiers van die Amptelike Opposisie in die Volksraad. Sekerlik glo hulle nie aan moord nie, en sekerlik is dit selfs nie in hul belang dat Suid-Afrika dieper in 'n bloedbad van rasse-konflik gedompel word nie.

Die Natal-geweld het nou sy absolute hoogtepunt bereik. Dié week was dit die bloedigste oorlog wat enige plek ter wêreld gewoed het.


Ons bid dat die komende ontmoeting tussen die visepresident van die ANC, Nelson Mandela, en hoofman Mangosuthu Buthelezi 'n vinnige einde hieraan gaan bring. As dit nie werk nie, sal Kwazulu en Natal stadigaan doodbloei en sal dié ramp al verder deur ons nasie sprei.

Oproepe op vrede werk nie meer nie. Ons nasionale leiers uit alle gemeenskappe moet nou fisiek daar wees waar die bloed vloei.

Tot baie onlangs het ons toekoms blink en belowend voor ons gelê. Skielik sien 'n mens net donderwolke.

Ons as 'n nasie moet nou opstaan en sorg dat daar 'n einde aan die geweld kom.

Die prys daarvoor gaan te duur wees.



BRIEWE

# Is kultuur-organisasies deel van die BSB?

**Jannie Kultuur van Bonteheuwel skryf:**
Na aanleiding van ondersoeke na die werksaamhede van die BSB, was dit vir my opvallend hoe dit met die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse kultuurorganisasie en sy affiliate ooreenstem.

Dié organisasie het affiliate reg oor die Kaapprovinsie. Dit het ten doel om die mense van 'n spesifieke groep - in dié geval die sogenoemde "Kleurlinge" - meer bewus te maak van sy kultuur, en dat dit slegs binne groepsverband uitgeleef kan word. Negatiewe propaganda word teen die kerkleiers gemaak, byvoorbeeld 'n video waarin dr Alan Boesak 'n toespraak maak met insetsels waar 'n "necklace"-voorval die gehoor vervang. Dan word gesê dat dr Boesak teenwoordig is en vrede met die toedrag van sake het.

Die mense word gewaarsku teen die "totale aanslag" van die UDF en die ANC. Die Christendom word hier as grondslag gebruik, en hulle ruik dan ook die kommuniste binne die ANC en UDF uit. Boesak word prominent op video gewys met die Rooi Vlag agter hom.

Enorme bedrae geld word jaarliks hierin gestort. Vir die jeug en vroue word op 'n weeklikse basis gratis kampe gereël. Seminare en etes word aangebied. Die Weskus se Christelike Kultuurorganisasie het 'n groot saal en kantore betrek.

Uitgawes vir werknemers beloop duisende rande per jaar. Blankes beheer alles met bruin veldwerkers en sogenaamde raadslede wat oor geen uitvoerende magte beskik nie. Idees van werknemers wat die doel kan bevorder, word aanvaar. Enigiets teen apartheid word subtiel verwerp.

Geen konkrete bewyse van skenkers uit die private sektor kan bewys word nie. Enige persoon wat teen die organisasie gekant is en sy sieninge aan sy gemeenskap openbaar, word deur die werknemers gerapporteer.

## Dubbele standaarde

**Anti-dubbele standaarde van Welkom skryf:**
Daar word deesdae baie gepraat en geskryf oor die tuislande wat sogenaamd misluk en van mure wat afgebreek moet word. Daar word ook gepraat van die vrede wat sal aanbreek as ons almal "een" geword het. Dit klink na dubbele standaarde.

Daar word gesê dat die tuislandbeleid misluk het. Dit kan net misluk vir diegene wat wil hê dit moet misluk. Vir die geldgierige geldmag pas 'n geordende samelewing glad nie. Hoe meer chaos daar op die aarde is, hoe groter is hul winste. Die lewe is relatief, wat een mens pas, pas nie noodwendig die ander nie.

Waarom nie 'n heel nuwe idee skep nie? Waarom nie die meeste groepe tevrede stel deur aan elke groep - die voorstanders van integrasie én die voorstaanders van segregasie - 'n eie gebied te gee nie?

Diegene wat meen dat die regses sleg is vir die samelewing, dat hulle diskrimineer, kan mos op die beste manier van hulle ontslae raak deur aan hulle 'n tuisland te gee. As die regses hul eie land het, is die voorstaanders van integrasie van hulle ontslae en behoort tevrede te voel. So ook sal dié wat segregasie voorstaan ontslae van die linkses wees en kan hulle weer tevrede voel.

Die bestaande tuislande kon gewerk het, maar die Geldmag se winste was nie groot genoeg nie. Enige goedbeplande projek behoort te werk, maar as die Geldmag besluit het hy hou nie van 'n projek nie, word die nuusmedia aangesê om te verkondig dat die projek misluk het. Die wêreld se geskiedenis is vol voorbeelde hiervan.

Botswana, Swaziland en Lesotho is Engeland se tuislande. Waarom is hulle nie ook mislukkings nie? Die Sowjet-lande soos Litaue, Letland en Georgië was almal een deel van Rusland. Waarom wil hulle nou skielik onafhanklik word? Die antwoorde is eenvoudig. Die Sowjet-Unie is 'n kunsmatige staat wat onassimileerbare volke teen hul sin in een staat gedwing het. Oos- en Wes-Duitsland is net mooi die teenoorgestelde geval. Hulle is broers, maar is deur die Geldmag teen hul sin in twee state gedwing.

Die Unie van Suid-Afrika was 'n kunsmatige staat wat teen die inwoners se sin deur die Geldmag geskep is. Die "Republiek" van Suid-Afrika is maar net oëverblindery. Hy bestaan nie werklik nie.

Die nuwe Suid-Afrika bestaan uit twee dele: Azania en Orania. Al wat nog kortkom is die grense. Hierdie sub-kontinent bestaan uit integrasioniste en segregasioniste. Daar kan net vrede kom as hulle geskei word - elk in sy eie land.

Gedwonge segregasie is net so verkeerd soos gedwonge integrasie, maar vrywillige, sinvolle skeiding bring vrede.

*(Brief heelwat verkort - Redakteur)*

## Waar's dié digters

**Henry Oliphant van Bloemfontein skryf:**
Dit is 'n onomwonde feit dat Afrikaans sal voortbestaan in 'n alternatiewe Suid-Afrika. Dit wil egter voorkom of die Afrikaanse poësie, en hier praat ek van progressiewe Afrikaanse poësie, nie sterk genoeg na vore kom nie.

Neem nou maar Vrye Weekblad, massavergaderings en ander kulturele byeenkomste - daar bestaan nie werklik progressiewe Afrikaanse poësie nie.

Dit laat 'n mens wonder of die digters of potensiële digters dan werklik bestaan. Ek doen 'n ernstige beroep op u blad en alle lesers dat ons alternatiewe Afrikaanse digkuns moet aanmoedig. Dit kan as 'n muse vir baie Afrikaanssprekendes dien en kan beslis daartoe bydra om die nuwe Suid-Afrika verder te bou.

Daar is goeie Afrikaanse digters in ons midde, maar baie skryf op 'n vlak wat slegs die intellektuele verstaan en begryp. Daarom is dit van essensiële belang dat die gedigte op so 'n vlak is dat die werkers dit ook kan begryp.

## 'n Hoop kuns

**Die skilders en verkopers van Kosmosprente van Muckleneuk, Pretoria skryf:**
Chris Pretorius moet geluk gewens word met sy bydrae van 23 Maart in VryDag.

In net twee kolomme (bykans 600 woorde), het hy daarin geslaag om die grootste hoop stront in die geskiedenis van die Suider-Afrikaanse joernalistiek gepubliseer te kry.

'n Merkwaardige prestasie; soveel mense voor hom het dit al probeer doen!

Voorwaar, hy maak naam vir homself.

*Vervolg op bl 22*

Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113.

# Nuwe hoop vir SA atletiek

TIM SANDHAM

SUID-AFRIKA kan binnekort weer tot die internasionale atletiekarena toegelaat word - mits die nuwe rigting wat die regering ingeslaan het, nie by goeie bedoelings bly nie, maar in daadwerklike optrede omgesit word.

Dit is die mening van Christo Vrey, voormalige Suid-Afrikaanse hoogspringkampioen, wat pas na Suid-Afrika teruggekeer het ná 'n kort besoek aan die VSA en Duitsland.

Hy het nie aan atletiek deelgeneem nie, maar 'n paar ou kennissse opgesoek en die gevoel jeens SA gepeil.

"Almal is vol hoop dat atletiekbande met Suid-Afrika binnekort weer gesmee gaan word. Intussen wil veral die Duitsers graag in die russeisoen in Johannesburg kom oefen."

Dit is veral middelafstandatlete wat dit voordelig vind om hoog bo seespieël te oefen - en die goeie weer is 'n bonus.

Gunter Eisinger, wat die puik hoogspringers van Frankfort LC afrig, wil ook graag hê sy klub moet hier kom oefen en deelneem. Hy het boonop die steun van Vera Michallek (voormalige Wes-Duitse middelafstandkampioen) en haar man Andreas.

Volgens Vrey bly die Suid-Afrikaanse atletiekgemeenskap maar skepties.

"Ons is al so lank uit wêreldatletiek en daar was al so baie beloftes en gerugte dat dit 'n geval is van 'ons sal dit glo as ons dit sien.'"

Vrey, wat in 1978 die SA junior hoogspringkampioen was en 12 uit die afgelope 14 jaar onder die vyf voorste hoogspringers in die land getel is, het met nuwe geesdrif uit Duitsland teruggekeer.

Die rede hiervoor is die feit dat die ouer hoogspringers besig is om goeie hoogtes te behaal. Trouens, 11 van 15 top-hoogspringers op die 1989-wêreldranglys is ouer as 28.

"Die Kubaanse wêreldrekordhouer, Javier Sotomayor, is nog jonk, maar manne soos Thranhardt (32) en Nagel (33) het in die afgelope Europese seisoen onderskeidelik hoogtes van 2,40m en 2,36m aangeteken. Die wêreldrekord staan op 2,44m."

Vrey, wat meen dat hy nog so drie of vier jaar mededingend sal wees, spog met 'n beste hoogte van 2,21m.

'n Besering het hom tot dusver vanjaar gekortwiek, maar Vrey voel dat hy hom in die maand wat oorbly nog deeglik gaan laat geld.

"My eerste doelwit is om te kwalifiseeer vir die SA kampioenskappe in Germiston. Die kwalifiserende hoogte is 2,08m."

Vrey, wat in die kleure van die Goudstadse Onderwyserskollege deelneem, het verlede jaar sy beste vertonings gelewer en was ongelukkig om nie die SA titel in te palm nie.

Die SA kampioenskappe vind op 20 en 21 April in die Herman Immelman-stadion plaas, wat beteken dat daar vir Vrey min tyd vir voorbereiding oor is.

"Ek rig myself af. Gelukkig is ek in 'n stadium van my loopbaan waar ek slegs gehaltespronge, spoedwerk en gim/kragwerk nodig het en dus minder tyd as vroeër aan oefening hoef te bestee."

Hoewel hy graag sal wil wen, het Vrey nie sy hart op die SA titel nie.

"As ek wel deelneem, hoop ek ten beste om 'n paar van die gunstelinge goed die skrik op die lyf te jaag."

## Desiree presteer

**DESIREE du Plessis, die houer van die Suid-Afrikaanse rekord in die hoogspring, is stilweg besig om haar merk in Wes-Duitsland te maak.**


**Hoewel Du Plessis nie aan 'n atletiekklub behoort nie, het sy as indiwidu reeds in twee byeenkomste die eerste plek ingeneem. Haar wenhoogtes van 1,87m en 1,88m, is nie naby haar SA rekord van 2,01m nie. Dit is egter te verstane, omdat sy onlangs eers herstel het van 'n lastige besering.**

**Ten spyte van haar beperkte deelname het Du Plessis reeds aandag getrek. Top-afrigters het reeds laat blyk dat hulle haar graag onder hande wil neem. Haar land van herkoms bly egter 'n struikelblok.**

**Om vir die Wes-Duitse span te kwalifiseer, moet moet sy aan streng verblyf-kwalifikasies voldoen.**

**Haar eerste doelwit is om haar beste vorm te herwin, want die 1992-Olimpiese Spele in Barcelona wink. - T.S.**

## Dalk kry Pierre nóú sy kans



**Geen bokser kan bekostig om lang tye buite aksie te bly nie (vra maar vir Gerrie Coetzee). Hopelik sal Pierre Coetzer se besluit om hom by Rodney Berman te skaar, daartoe lei dat hy nou die beloofde titelgeveg teen Francesco Damiani van Italië kry. Sy afrigter, Alan Toweel, probeer al lank om ons te oortuig dat Coetzer 'n bokser van wêreldgehalte is. Dis nou hoog tyd dat die snorman dit in die kryt bewys.**

# Rykdom staan Ncita nie aan nie

PHINEUS TSHUKUDU

WELCOME NCITA, wat onlangs die Internasiolae Boksfederasie (IBF) se junior veergewig-titel ingepalm het, sal as kampioen op heelwat meer prysgeld as in die verlede kan aanspraak maak. Hy het egter geen planne om aan sy eenvoudige lewenstyl te verander nie.

"Ek is 'n produk van die township, en dit is waar ek wil bly," het die 24-jarige Ncita vandeesweek gesê.

Ncita, die sesde in 'n gesin van nege kinders, woon in Mdantsane - 'n township naby Oos-London wat as een van die politieke brandpunte van Suid-Afrika bestempel word.

"Toe ek klein was, was krieket en rugby die vernaamste sportsoorte hier. Van rugby het ek nie veel gehou nie, maar ek het wel 'n bietjie krieket gespeel," sê hy.

Later het sokker sy belangstelling begin prikkel. Dit is juis op die sokkerveld waar Mzimase Mnguni - wat hom nog steeds afrig - hom in 1983 "ontdek" het.

In daardie stadium het Ncita reeds 'n bietjie geboks, met die aansporing van Honey Ndwanya, voormalige Kaapse kapokgewig-kampioen.

Hy het egter glad nie 'n loopbaan in die geldkryt oorweeg nie en van 'n wêreld-titel het hy nie eens gedroom nie."

Mnguni het egter dadelik sy potensiaal raakgesien.

"Iets omtrent hom het my laat voel hy kan 'n sukses in die bokskryt wees," het Mnguni gesê.

"Ek het hom omgepraat om in my gimnasium te kom boks, waar ek hom die fynere kunsies van die sportsoort geleer het. Hy was 'n uitstekende leerling. Hy volg my raad in die kryt en het die vermoë om 'n situasie goed op te som. Die titel is net die begin. Hy gaan nog diep spore in die bokswêreld trap."

Hoewel sy afrigter nog 'n lang toekoms vir hom in die vooruitsig stel, besef Ncita dat boks 'n onvoorspelbare sportsoort is. Hy het verlede jaar sy matriek-sertifikaat verwerf en wil volgende jaar sy studies aan 'n universiteit of technikon voortsit.

Maar vir eers wil hy net rus. "Noudat die spanning van die titelgeveg verby is, wil ek rustig by my vriende kuier. Ek kan later oor die toekoms dink," het hy gesê.

## Sportbeserings (3)

# Ys: 'n kuur vir baie kwale

HAZEL WOODWARD

Enige sportafrigter behoort te weet dat ys die handigste eerstehulpmiddel is vir die meeste beserings wat 'n mens in kontaksport kan opdoen.

Ys kan gebruik word om swelling te laat sak, kneuse en krampe te verlig en natuurlik vir 'n verstuite enkel.

'n Verstuiting is 'n gedeeltelike skeur van 'n ligament en, alhoewel dit pynlik is, is dit nie 'n ernstige besering nie. Dit is belangrik om te onderskei tussen 'n gedeeltelike en 'n volle skeur van die enkel- of knieligament.

Laasgenoemde is 'n ernstige besering en moet deur 'n dokter behandel word. Die lit sal meer gemaklik voel as hy verbind word om beweging te beperk en om die swelsel te beheer, maar die lit moet so gou as moontlik beweeg en gebruik word. 'n Boereraat is om die lit met lood-en-opiummiddel te dokter en die omie wat dit vir my vertel het, het bygevoeg dat hy met 'n verstuite enkel en al 'n rugbywedstryd voltooi het. Sy span het boonop gewen.

### Hardloop kán lit-verwering vertraag

Ten spyte van die bewerings van baie leuenstoel-sportmanne, is daar geen afdoende wetenskaplike bewys dat oefening die oorsaak van osteo-artritis (verwering van die litte) is nie. Die teenoorgestelde is ook nog nie bewys nie, maar van die statistiek kan jy aflei dat gereelde oefening osteo-artritis wel vertraag. Byvoorbeeld: slegs vier persent van alle hardlopers toon simptome van osteo-artritis. 'n Steekproef onder onaktiewe mense het getoon dat soveel as nege persent aan dié kwaal ly.


Ander hoogs aktiewe mense soos sokkerspelers, liggaamsoefening-onderwysers en valskermspringers is ook effens minder vatbaar vir osteo-artritis as mense wat onaktief is, maar die verskil is nie juis noemenswaardig nie.

Hardlopers wat wel osteo-artritis opdoen, het gewoonlik voorheen litchirurgie ondergaan.



Bl 23: Nuwe hoop vir SA atletiek

# Kim is Natal se angel



Kim Hughes

**Berigte deur TINUS HORN**

KIM HUGHES het vanjaar al 'n paar goeie kolfbeurte vir Natal in Benson & Hedges se aandreeks gespeel, maar glad nie die soort verwoestingswerk gelewer wat ons van hom in die toetsreekse tussen Suid-Afrika en die Australiese rebellespanne gesien het nie.

As hy vanaand op Kingsmead sy ou vorm kan herwin, verhinder hy straks eiehandig dat die Oostelike Provinsie die triomftog voortsit wat reeds aan hom die Nissanskild en 'n deel van die Curriebeker besorg het.

Soos Adrian Kuiper van die Westelike Provinsie, het Hughes die vermoë om selfs die beste boulwerk uitmekaar te slaan.

Veral die draaiboulers loop kwaai onder sy kolfdeur en die OP se linksdraaier Tim Shaw, een van sy troefkaarte, kan vanaand Hughes se vernaamste teiken wees.

Die benadering van die twee spanne verskil hemelsbreed.

Natal beskik oor 'n hele paar groot slaners, (Trevor Madsen, Peter Rawson, Richard McGlashan en selfs Rowan Varner) maar van werklike kolfdiepte is daar geen sprake nie.

Daar is nie 'n enkele OP-kolwer wat werklik as 'n eendag-spesialis beskryf kan word nie.

(Carl Bauermeister, wat al 'n slag op die Wanderers 'n bal oor die Castle-paviljoen gelig het, knyp oë toe en hoop vir die beste. Om hom 'n kolwer te wil noem, is om dié woord se betekenis tot op sy uiterste te strek).

Wat die OP wel het, is 'n kolflys wat, ligweg gestel, ondeurdringbaar lyk.

Raak jy van Kepler Wessels en Philip Amm ontslae, moet jy nog met Mark Rushmere en Kenny McEwan rekening hou. Daarna volg Dave Callaghan, Dave Richardson (wat al die beurt vir die Springbokke begin het) en Shaw.

'n Mens kan Natal se boulers nouliks hul taak beny.

Wanneer laas het Wessels en Amm in dié reeks misluk? Natal se wenkans sal dramaties verbeter as sy boulers 'n vroeë deurbraak maak.

Die WP se boulers het die OP verlede naweek byna op sy knieë gedwing ten spyte van 'n vyftig-vennootskap om die eerste paaltjie.

Die OP het 'n goeie jaar met die bal beleef, maar dit is opmerklik dat sy twee Australiese naatboulers, Rod McCurdy en John Maguire, deesdae meer straf verduur as vroeër.

Vanaand gaan enigiets waarvan die lyn en lengte nie onberispelik is nie, genadeloos gestraf word.

As 'n mens die twee spanne man vir man teen mekaar opweeg, lyk die OP verreweg die sterkste, maar dat Natal se aggressie sterk in sy guns kan tel, is nie te betwyfel nie. Dít kan vanaand die deurslag gee.

# Rooibontes moet momentum behou

DAAR verras Transvaal ons almal toe Dinsdagaand en mors met Natal in Yardley se uitklopreeks. 'n Goeie oorwinning was dit beslis, maar die Rooibontes sal veel meer moet doen om hulself te vestig as ernstige aanspraakmakers op die Curriebeker.

As hy die Vrystaat volgende week troef, kan 'n mens op hom begin ag slaan.

Natalse voorhoede was kwaai deur beserings uitgedun, maar Transvaal se agttal verdien nogtans lof vir die manier waarop hy die stryd om balbesit oorheers het.

Veral sy losmanne het skitterend vertoon. Twee van Transvaal se drieë is uit gebroke spel aangevoor.

Wahl Bartmann se eerste wedstryd vir Natal was maar stil, maar hy het by tye gewys dat hy steeds 'n flank van formaat is. Wanneer die blitsige Andrew Aitken weer fiks is en op agtsteman ingespan kan word, sal Bartmann se gebrek aan vaart minder van 'n meulsteen wees.

Dinsdagaand het dit keer op keer gebeur dat al drie Transvaal se losmanne by die bal opdaag voordat 'n enkele Nataller kon bykom.

Ook in die lynstane het Transvaal beter vertoon as wat verwag is en sy voorry het goed geskrum.

Rudi Visagie, wat beseer is, en Murray Pierce, wat nog nie heeltemal fiks is nie, gaan ongetwyfeld later in die seisoen 'n groot verskil aan Natal se lynstaanwerk én skrumkrag maak.

Terwyl daar baie verskonings vir die Piesangboere se vrot voorspelerspel was, was hul agterlyn se onbeholpenheid onvergeeflik.

Hanteerfoute - wat glad nie eie is aan Natal nie - en swak verdediging het die besoekers baie punte gekos.

Transvaal se agterspelers het ook maar hul kwota foute begaan, maar nie meer as wat 'n mens van die seisoen se eerste kragmeting verwag nie. En wanneer die Rooibontes 'n kans gekry het om punte aan te teken, het hulle hom sonder uitsondering benut.

Garth Wright, Transvaal se nuwe kaptein, het oënskynlik kennis geneem van die feit dat Robert du Preez van Noord-Transvaal deesdae as Suid-Afrika se beste skrumskakel beskou word.

Wright het skitterend vertoon. Sy breekslae om die skrum en goeie taktiese skopwerk - wat hy Dinsdagaand spaarsaam gebruik het - gaan Transvaal se teenstanders vanjaar nog kwaai hoofbrekens besorg.

Kabous van der Westhuizen, Transvaal se regtervleuel, is 'n man wat beslis fyn dopgehou kan word.

Sy sterk lopies langs die kantlyn af het verskeie kere vir groot opwinding gesorg en sy verdediging is goed.

Dit is jammer dat die linkervleuel James Small voor sy besering nie veel van die bal gesien het nie. Dié jong blits kan een van Transvaal se grootste angels wees as hy na sy vermoë gebruik word.

Natal se ondersteuners moet dalk maar begin gewoond word aan die idee dat hul spannetjie heeltemal onvoorspelbaar is. Wanneer jy verwag dat hulle gaan wen, verloor hulle, en wanneer jy verwag dat hulle verloor, wen hulle.

Met die Oostelike Provinsie werk dit deesdae só: as jy verwag hulle gaan wen, verloor hulle, en wanneer jy verwag hulle gaan verloor ... verloor hulle ook.

Dinsdagaand was dit weer so, dié keer teen die Vrystaat - en dit ondanks die OP se drie nuutgekoopte sterre, Michael du Plessis, Riaan Potgieter en Adri Geldenhuys.

Die OP kan egter moed skep uit die manier waarop hy in die tweede helfte teruggeveg het.

Du Plessis sal sy debuut vir die OP so gou moontlik wil vergeet. Dit was een van daardie wedstryde waarin niks vir hom wou reg loop nie; sy skoppe wat nie afgestorm is nie, was windskeef.

Hy het een dwarsskop geloods wat amper op 'n drie uitgeloop het. Dit was egter nie sy eie span nie, maar die Vrystaat wat amper gedruk het.

Ook Danie Gerber het niks gedoen wat 'n mens herinner het aan sy gloriedae van ouds nie. Sy neiging om verdediging af te skeep, het 'n chroniese swakheid in sy spel geword en sal stellig verhinder dat hy ooit weer die Groen en Goud oor die kop trek.

Daar was darem 'n paar ligpunte vir die OP.

Jacques du Plessis het wel 'n drie op 'n skinkbord aan die Vrystaat weggegee, maar tot 'n mate daarvoor vergoed met 'n paar goeie dartel-lopies. Hy is 'n moeilike mannetjie om grond toe te bring.

Voorlangs het Adri Geldenhuys gewys hy is 'n groot aanwins vir sy nuwe span. In die eerste helfte kon hy nie veel in die lynstane uitrig nie, maar ná rustyd het hy dié afdeling van die spel heeltemal oorheers.

Die OP se voorry het ook vroeg in die wedstryd gesukkel maar later die oorhand gekry.


Sy nuwe kaptein, Frans Erasmus, lewer nie meer die spel wat in 1986 aan hom sy Springbokkleure besorg het nie. (Dalk kies die OP binnekort 'n nuwe kaptein. Aan die ander kant kan daar nie veel spelers oor wees wat nog nie kaptein was nie).

Die Vrystaat het in die eerste helfte beslis gelyk na 'n span wat vanjaar met die hele ou spulletjie in die Curriebekerreeks kan mors. Ná rustyd het hulle gelyk of hulle relegasie darem net-net sal vryspring.

Die fout het voorlangs gelê en dit is nogal jammer, want sy agterlyn het in die eerste helfte skitterend aangeval.

Andre Joubert, wat verlede jaar sy Springbokkleure as plaasvervanger vir Johan Heunis verwerf het, kan vanjaar ons eerste keuse wees as dr Danie Craven voortgaan met sy planne om 'n wêreldspan hierheen te lok.

Chris Badenhorst is ook goed op dreef en Henry Honiball lyk al meer na die man wat in die toekoms as Boklosskakel by Naas Botha gaan oorneem.



**ANDRé JOUBERT kan vanjaar wys hy is gereed om Johan Heunis as Bok-heelagter te vervang.**

KENDELL GEERS

# Vroue kies vroue

## *Die dogters van opgevoede mans sit die geslagstryd voort*

IN 1971 het Linda Nochlin, 'n Amerikaanse kunskritikus, gevra: "Why have there been no great women artists?" Dieselfde vraag het verlede week weer kop uitgesteek by die Transvaalse tak van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Kunsgeskiedkundiges se konferensie.

Die tema van die konferensie was "Women and the Visual Arts". In oorleg daarmee bied die Gertrude Posel-Galery by Wits 'n tentoonstelling, "Women Choose Women", en die Johannesburgse Kunsmuseum "Meisies, Moeders en Madames" aan.

Terwyl die oorspronklike vraag 'n belangrike een is, is dit in die konteks van die huidige Suid-Afrikaanse kunswêreld oortollig. Dat seksisme in ons samelewing bestaan, kan nie ontken word nie, maar wat eietydse kuns, plaaslik en internasionaal betref, is die vraag irrelevant. Sedert 1971 het kunstenaars soos Bridget Riley, Louise Nevelson, Georgia O'Keefe, Nancy Holt, Louise Bourgeoise, Nancy Graves en Eva Hesse, om net 'n paar te noem, almal gewys dat 'n vroue-kunstenaar soos manlike kunstenaars in staat is tot grootsheid.

Vandag is name soos Cindy Sherman, Barbara Kruger, Alexis Hunter, Sherrie Levine, Jenny Holzer, Nancy Spero, Mary Kelly, Rosemary Trockel, Gretchen Bender, Laurie Anderson en Martha Rosler van die belangrikste name in eietydse kuns. Noem jy 'n halfdosyn van die top New Yorkse kunshandelaars, sal Ileana Sonnabend, Barbara Gladstone, Mary Boone en Paula Cooper beslis op die lys wees.

Bridget Riley se reaksie op Nochlin se artikel was "Women's Liberation, when applied to artists seems to me to be a naive concept. It raises issues which in this context are quite absurd. At this point in time, artists who happen to be women need this particular form of hysteria like they need a hole in the head."

Louise Nevelson het soortgelyk geantwoord: "People unfortunately have been plagued by guilts and frustrations from the beginning. But if we have insight and recognise the forces that have subjected us, we can pass that stage".

In die Suid-Afrikaanse mark het kunstenaars soos Penelope Siopis, Margaret Vorster, Marion Arnold, Diane Victor, Deborah Bell, Sue Williamson en Helen Sebidi, of kunshandelaars soos Linda Givon van die Goodman-galery, ondanks hul geslag, betreklike sukses behaal. Om toegewings aan vroue te maak op grond van hulle geslag is soortgelyk aan toegewings maak aan swart kunstenaars op grond van hulle ras.

Die konferensie het begin met 'n referaat deur dr Marion Arnold, 'n plaaslike kunskritikus, getiteld "The Daughters of Educated Men: Middle Class Women Artists and Modern Society". Sy het 'n uitmuntende, hoewel ietwat emosionele, verslag gelewer oor hoe daar teen Britse vroue-kunstenaars van die laat negentiende en vroeë twintigste eeu gediskrimineer is. Haar aanhaling van Rebecca West het sy voorafgegaan deur te sê dat sy nooit oor haarself praat as 'n feminis nie, maar dat "I only know that people call me a feminist when I differentiate myself from a prostitute or a doormat."

Dit is maklik om vanuit heilige akademiese ivoortorings so 'n verwaande vergelyking tussen 'n prostituut en 'n vloermat te trek. Buitekant is die wêreld wreed. Sulke vooroordele oor prostitusie - dikwels die uiteinde van ekonomiese noodsaaklikheid, maar ook die uitoefening van vryheid van keuse - handhaaf net patriargale waardes.

Die rol van stemregvroue in vroue-bevryding moet nie onderskat word nie, maar daar is geen vergelyking te tref met die toestande in die negentiende eeu en die hedendaagse kunsmilieu nie.

Gedurende die konferensie is nog 'n ou koei uit die sloot gegrawe: kunstenaars as moeders... die opoffering van hul kuns op die altaar van voortplanting. 'n Man wat die keuse maak om 'n kunstenaar te word, moet ook opofferings maak. In Braam Kruger se woorde: "Wanneer enigiets voor kuns gestel word, of dit nou politiek, seks, ego, geld, die inhoud, boodskap, tema of selfs die akademie is, kan jy seker wees die kuns gaan tweede kom, en jy sal dit mos in hulle werk sien".

In 'n referaat getiteld "Self as Icon and Instrument of Transformation", het Nina Romm 'n aanslag van clichés geloods: oor die wesenlike verskille tussen mans. Mans is hard, gedissiplineerd, rasioneel, gereguleerd, linieêr en logies in hul denke, terwyl vroulike gedagtes vryheid, intuïsie, ongedwongenheid, buigsaamheid, irrasionaliteit en verbeelding beliggaam.

Hierdie belaglike veralgemenings wat deur kwasi-religieuse ghoeroes uitgedink is om die werklikheid te vereenvoudig, kan net toegepas word op mitologiese karakters soos Darth Vader, Rambo, Mars en Hermes. Wat van die irrasionele, verbeeldingryke, ongedwonge Bacchus, is hy nie 'n man nie? Om aanspraak te maak op die alleenreg tot verbeelding, intuïsie en ongedwongenheid plaas vir Romm en haar vroue terug in die donker eeue van chauviniste in wapenrusting. Romm het ook aangevoer dat manlike beginsels, soos 'n kritiese uitkyk (!), vervang word deur vroulike beginsels, soos onkritiese bekragtiging.

Lize van Robbroeck se referaat "Vroue en Gemeenskapskuns" het aan die hand gedoen dat handwerk op dieselfde vlak as kuns beoordeel word. Dit kom neer op 'n vergelyking tussen 'n skildery van Penny Siopis en 'n etniese bakkie.

Deurgaans het die deelnemers impliseer dat mans, op grond van hul geskiedkundige optrede skuldig is aan seksisme en dus minagting moet verdien. Dit is bloot teenproduktief en chauvinisties. 'n Tentoonstelling met die titel "Men Choose Men" sou onmiddellik as seksisties veroordeel word.

Voor die einde van die verrigtinge het ek so skuldig begin voel oor die feit dat ek vervloek is met 'n penis, dat ek kastrering oorweeg het.

In die eietydse kunswêreld is die enigste perke wat 'n vrou in die gesig staar, dié wat sy self oplê. As jy seksisme in die visuele kunste soek, sal jy dit vind.

# Die gevoel

## *wat jy voel wat jy nog nooit gevoel het nie*



VICTOR MUNNIK skryf oor TV

OP skool het ons iets heeltemal anders bedoel as Oom Pik die ander dag in Windhoek. Toe ons gepraat het van 'n "gevoel wat jy voel wat jy nog nooit gevoel het nie".

Ons kon nie wag om daai gevoel te voel nie, maar ons het nie geweet die ou Oranje Blankes Blues doen dit aan 'n mens ekskuus man nie. Toe was ons natuurlik nog nie Afrikane in die FW sin van die woord nie, en het ons nie geweet wat alles in 'n Goudstadse spietkop kan steek nie.

Hier in die verafgeleë Pangaland, waar die kassie my enigste band met die beskawing van die Goudstad is, raak ek skoon "weemoedig en bewoë" oor die gedagte dat die Goudstad se spietkops, nes die pragtige luitenant Joy ('n tydjie lank Comrade Joy) destyds ECC-plakkate help opsit het. Ons het nie eers gesien hulle loop snaaks nie.

### *Koel in Gaza*

Wel, noudat Swapo se vlag oor Windhoek waai en 'n ANC-tak in elke dorp gestig word, en die president ons almal tot Afrikane geslaan het, moet ons miskien van die verlede vergeet en vorentoe kyk.

Soos die President van Venda.

Hy sê dit is wel so, liewe luisteraars, dat Venda sonder 'n referendum onafhanklik geword het, al was dit nou met elke enkele kraal se instemming. Maar gedoriewaar, dis met 'n referendum wat Venda sal terugkom. Op die regte manier.

En wat rituele moorde aanbetref, dis eintlik net gewone moorde so what's the problem?

Ewe koel onder die kameraligte is ons comrade President van Gazankulu.

Want imagine jy het jou hele lewe, soos die agbare hoofminister, gewei aan die bou van 'n volk wat dalk nie meer so lank volk gaan wees nie, en dan kom vra 'n Goudstadse joernalis jou: "Um, dink u edele vrede sal na u tuisland terugkeer sonder dat u bedank?".

### *Kom kuier, kom kuier*

Hier in Pangaland kan die koning nie meer wag dat onse comrade-ondersekretaris-generaal vir hom 'n potjie bier bring nie. Die Pangas ratel al oor TV.

Maar wat van 'n kuier by die koning van die Griekwas (oftewel altwee aanspraakmakers op daardie reisende troon?). Of wat van 'n kuiertjie by die koning van die takhare in Bruts? Skuus, Brits?

My raad aan ons comrade-ondersekretaris-generaal is om eerder te gaan kuier in Brenda Fassie se kraal. Dis so reg in enige Afrikaan se kraal, as julle weet wat ek bedoel, ek bedoel, het julle haar nuutste video gesien op M-net? Sjoe, dis warm hier in Afrika.

### *Slegte nuus*

Dis darem 'n moeg komitee wat aangestel is om die uitsaaiwese te demokratiseer.

Dis nou aartsdemokrate soos die nasionale intelligensiediens, die weermag, die BSB, die SAUK, die geldmagte, die departement van buitelandse sake, en die Johannesburgse verkeersafdeling!

En ons moet betaal vir 'n verslag wat ons oor 'n jaar of twee gaan weggooi? Auk, my basies, red nou so 'n nasie.

# Een Namibia, een VET jol

***Verlede Woensdag is die wêreldgemeenskap se jongste gebore en almal, van Yasser Arafat tot FW de Klerk was daar om die blye dag in Namibia te beleef. Saterdag was die afterparty. CHARLES LEONARD het saam met die Suid-Afrikaanse kunstenaars Windhoek toe gevlieg vir dié jol***

DIE welbekende aankondigings in 1969 deur die seremoniemeesters by Woodstock was nie naastenby so vermaaklik soos dié Saterdag by die Onafhanklikheidstadion in Windhoek nie.

Die seremoniemeesters het 'n mens aan die HNP-leier Jaap Marais laat dink. Elke keer as oom Jaap 'n toespraak hou, het hy 'n stapel koerantknipsels en notas waaruit hy voorlees. Saterdag het een van die seremoniemeesters elke keer as 'n groep klaar gespeel het, met so 'n hoop notas gekom en die skare vir 'n paar minute vermaak terwyl die roadies die instrumente en mikrofone regstel vir die volgende groep.

Die bestes was toe die een met die Stetson net voor Sipho Hotstix Mabuse se vertoning met 'n bruin hoëhakskoen op die verhoog verskyn het. "Sal die eienaar van dié skoen dit asseblief agter die verhoog kom haal."

Kort daarna was dit: "Whisky Isak se mense soek hom" en "The Zimbabwean National Rugby Team - your driver is waiting for you at the bus."

Gepraat van Sipho. Dié nederige en besonder aangename sanger het soos 'n hele paar van sy landgenote die onafhanklike en uiters rustige Namibiërs laat jil van plesier.

Vroeër die dag het Soweto-rasta Lucky Dube die mense voorberei op wat gaan kom met Ziggy - wyle Bob Marley se spruit.

Iewers tussen-in het Brenda Fassie - ná haar gebruiklike voorvertoning-tantrum - gewys dat as dit by gewildheid kom, sy min gelykes op die Suider-Afrikaanse subkontinent het. Van haar geheue kan 'n mens nie dieselfde sê nie. Sy het Uncle Sam se naam vergeet toe sy deur haar lys vivas gegaan het.

Saam met Sipho het Mango Groove en die African Jazz Pioneers vir die beste jols gesorg.

Hulle het een en almal in die see van wit en swart met hul onafhanklike Namibia t-hemde laat gatswaai.

Daar was ook die token-buitelandse musikante. Die interessantste van dié lot was die Sowjet-harde rockgroep, St Petersburg. Op die verhoog was hulle nes enige ander Amerikaanse stadionrockers: lang hare, balknypbroeke en suggestiewe kitaarhantering.

Hul sanger, Vladimir, se stem het so ná die tweede liedjie ingegee. Ek weet nie of soveel mense dit agtergekom het nie.

Die interessantste was om hulle na die tyd agter in die kunstenaarstent te hoor Russies praat. Vladimir is die enigste wat 'n bietjie Engels magtig is. Met talle gebare het hy vertel dat hy van Gorbatsjof hou en dat hy graag in Suid-Afrika wil sing as ons ook vry is.

En dan was daar Crazyhead. 'n Onpretensieuse Rhythm and Blues-groep van Engeland bestaande uit Porkbeast, Kev Reverb, Bom, Fast Psychotropic Purple Dick en nog een met 'n minder gewone naam wat ek nie kon onthou nie. Dit was toevallig Dick se verjaarsdag. Reverb het hom só gelukgewens: "Happy birthday, Namibia, Happy birthday Dick!"

Daar was ook 'n paar groepe uit Afrika (insluitend die koor van die kultuurminister van Nigerië) waarvan Thomas Mapfumo die algehele hoogtepunt was.

So omtrent tienuur die aand het Ziggy Marley met 'n Skyhigh & the MauMau-t-hemp dieselfde gedoen wat sy pa tien jaar tevore in Zimbabwe gedoen het: die mense laat besef dat hulle werklik nou vry is.

Wat hy tussen die liedjies gesê het, kan ek nie veel van onthou nie. Ek glo Ziggy self ook nie. In my geval omdat ek nie veel kon verstaan nie en in sy geval glo ek sy t-hemp het alles verklaar.

Sy vertoning was uit die boonste rakke. Sy groep, die Melody Makers, is werklik professioneel. Die hoogtepunt was sy pa se klassieke "Get Up Stand Up".

Ek hoop ons sien hom binnekort op ons onafhanklikheidskonsert in Suid-Afrika.

**• Haakvas verskyn weer volgende week, wanneer CHARLES LEONARD Draadloos se debuut resenseer. Bly ingeskakel.**

